

HOOFSTUK 5

DIE ONTWIKKELING VAN 'N NIE-GESTANDAARDISEERDE ASSESSERINGSINSTRUMENT

5.1 INLEIDING

Ten einde 'n effektiewe intervensieprogram saam te stel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kan aanspreek is dit belangrik dat genoemde komponente vooraf deeglik geassesseer word. Volgens Du Toit (1998:83) het die benutting van assessering effektiwiteit, verantwoordbaarheid, verhoging van kennis en wetenskaplike dienslewering tot gevolg. Assessering is 'n doelbewuste proses wat benut word ten einde rigting te gee aan die intervensieproses. Die noodsaaklikheid van assessering is dat dit sodanige intervensieprogram sal rig ten einde in die spesifieke behoeftes van die teikengroep te voorsien.

In hoofstuk 1 is assessering omskryf as 'n produk sowel as 'n proses. Aangesien 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument ontwikkel is, is hier dus sprake van assessering as 'n produk. Tog moet in gedagte gehou word dat die produk prosesse gaan verreken en dus assessering as proses ook hier ter sprake is. Faul (1995) het 'n proses vir die ontwikkeling van skale in maatskaplike werk bekendgestel en beskryf. Die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument soos in hierdie studie van toepassing, sal aan die hand van hierdie proses, wat uit vier fases met spesifieke hoof gebeurtenisse en aktiwiteite binne elke fase bestaan, beskryf word.

5.2 DIE PROSEDURE VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N NIE-GESTANDAARDISEERDE MAATSKAPLIKE ASSESSERINGSINSTRUMENT

Die fases van dié ontwikkelingsproses is eerstens die pre-ontwikkelingsfase, tweedens die ontwikkelingsfase, derdens die valideringsfase en laastens die benuttingsfase. Die fases, met die hoof gebeurtenisse en aktiwiteite van elke fase kan as volg getabeleer word (Faul, 1995:35):

Tabel 5.1: Die prosedure vir die ontwikkeling van ‘n assesseringsinstrument

FASES	HOOF GEBEURTENIS	AKTIWITEITE
<i>Pre-ontwikkelingsfase</i>	A. Probleem identifisering	1. Probleem analisering
		2. Doel van studie
	B. Teorie formulering	3. Identifisering en beskrywing van teoretiese raamwerk waarin die skaal ontwikkel is.
		4. Identifisering van operasionele assesseringsarea wat met die skaal gemeet gaan word
		5. Definieer konstrunkte wat gemeet gaan word
<i>Ontwikkelingsfase</i>	C. Skaalontwikkeling	6. Ontwerp items
		7. Bepaal die lengte van die skaal
		8. Skaal die items
		9. Ontwerp ‘n toekenningsformule
		10. Skryf instruksies vir respondente
<i>Valideringsfase</i>	D. Ontwerp valideringstudie	11. Formuleer navorsingsprobleem
		12. Selekteer die steekproeftegniek
		13. Bepaal die grote van die steekproef
		14. Berei die navorsingspakket voor
	E. Data insameling	15. Administreer navorsingspakket aan steekproef
	F. Ondersoek betroubaarheid	16. Bereken die Alfa koëffisiënt
		17. Bereken die standaard fout van meting
		18. Beoordeel gesigsgeldigheid
	G. Ondersoek geldigheid	19. Beoordeel inhoudsgeldigheid
		20. Ondersoek inhoudsgeldigheid
		21. Ondersoek konstruktgeldigheid
		22. Ondersoek kriteriumgeldigheid
	H. Vas stel van kliniese afsnypunte	23. Vas stel van kliniese afsnypunte
<i>Benuttingsfase</i>	I. Disseminasie van informasie	24. Skryf ‘n handleiding
		25. Skryf ‘n artikel

Aan die hand van die prosedure soos uiteengesit in tabel 5.1 volg ‘n bespreking van die fases, hoofgebeurtenisse en hulle onderskeie aktiwiteite (Faul, 1995:38-100) wat gevolg behoort te word, soos in hierdie studie van toepassing is.

5.2.1 Pre-ontwikkelingsfase

In hierdie fase van die ontwikkeling is dit belangrik dat die probleem geïdentifiseer word, en die teoretiese raamwerk ontwikkel sal word waarbinne die ontwikkeling van die assesseringsinstrument sal plaasvind.

5.2.1.1 Hoof gebeurtenis A: Probleem identifisering

Aktiwiteit 1: Probleem analisering

‘n Sorgvuldige probleemanalise is van belang. Die rede vir die ontwikkeling van ‘n nuwe skaal moet duidelik gestel word. Dit kan moontlik wees dat geen skaal vir die meet van ‘n spesifieke area van belangstelling, beskikbaar is nie, of probleme word met ‘n bestaande skaal ervaar (Faul, 1995:38-100). Soos in hoofstuk 1 volledig bespreek is, is die rede vir die studie dat daar ‘n behoefte bestaan na ‘n meetinstrument, om die kennis, houding en gedrag van die betrokke kliëntsisteem te assesser ten einde ‘n spesifieke seksuele opvoedingsprogram wat in die betrokke kliëntsisteem se behoeftes sal voorsien, te ontwerp (Goslin, 1994:178; Seydel, 1992:175).

Aktiwiteit 2: Doel van studie

In die pre-ontwikkelingsfase is dit ook belangrik om die doel van die studie te beskryf, met ander woorde, watter soort skaal gaan ontwikkel word, wat sal die skaal meet en watter soort geldigheidstoetsing gevolg word (Faul, 1995:38-100). In hoofstuk een is die doel van die studie naamlik om ‘n assesseringsinstrument te ontwikkel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kan assesser, uiteengesit. Die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument sal drie konstrakte meet naamlik seksuele kennis, - houding en - gedrag. Die geldigheidstoetsing sal gesigs- ; inhouds- en konstrukgeldigheid insluit. Die betroubaarheid van die assesseringsinstrument sal bepaal word deur die berekening van die Alpha koëffisiënt. Die minimum standaard wat gestel word is $\text{Alpha} = 0.80$.

5.2.1.2 Hoof gebeurtenis B: Teorie formulering

Aktiwiteit 3: Identifisering en beskrywing van teoretiese raamwerk waarin die skaal (assesseringsinstrument) ontwikkel is.

Die identifisering van ‘n spesifieke teoretiese raamwerk moet geskied voor die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument. Die teoretiese raamwerk rig die navorser se denkproses en dui ook die insluiting van items in die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument aan (Du Toit, 1998:108).

In hierdie studie is die model van Rothman & Thomas, die sisteemteorie en die egosielkundige teorie van Erikson as teoretiese fundering geselekteer (sien hoofstuk 2).

Aktiwiteit 4: Identifisering van operasionele assesseringsarea wat met die skaal (nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument) gemeet gaan word

Die aktiwiteit omsluit hoofsaaklik die identifisering van die spesifieke assesseringsareas wat gemeet gaan word. Die teoretiese raamwerk in aktiwiteit 3 het die navorser gelei in die vasstelling van die spesifieke assesseringsareas.

Vanuit die sisteemteorie blyk dit duidelik dat die adolessent in verskeie areas ontwikkel en dat die verskillende ontwikkelingsareas mekaar wedersyds beïnvloed. Die volgende ses assesseringsareas kan binne die ontwikkeling van die adolessent geïdentifiseer word: fisiese ontwikkeling, psigososiale ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, emosionele ontwikkeling, seksuele ontwikkeling en morele ontwikkeling. Vir die doeleindes van hierdie studie is seksuele ontwikkeling as assesseringsarea geselekteer met die oog op ontwikkeling van 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument.

Uit die voorafgaande uiteensetting in hoofstuk 4 oor die teoretiese fundering van seksuele ontwikkeling, is dit duidelik dat die konsep seksuele ontwikkeling besonder kompleks is. Om 'n assesseringsinstrument te ontwikkel wat hierdie komplekse konsep kan meet en ontleed, is dit noodsaaklik dat die konsep, seksuele ontwikkeling, geoperasionaliseer moet word. Die operasionalisering van seksuele ontwikkeling as assesseringsarea behels die definiering van die toepaslike konstrakte naamlik seksuele kennis, - houding en - gedrag.

Aktiwiteit 5: Definieer konstrakte wat gemeet gaan word

Die laaste aktiwiteit in die pre-ontwikkelingsfase is die definiering van die konstrakte wat gemeet gaan word. Die veranderlikes moet in waarneembare terme geformuleer word. Die eindproduk van die konseptualiseringsproses is die spesifikasie van 'n stel indikatore wat die navorser in gedagte het en die identifisering van die teenwoordigheid of afwesigheid van die konsepte wat ondersoek word (Faul, 1995:38-100).

Die konstrakte verbonde aan die konsep seksuele ontwikkeling is seksuele kennis, - houding en - gedrag. Die strukturele - en prosesmatige eienskappe van hierdie konstrakte soos verkry uit literatuurnavorsing en weergegee in hoofstuk 4 wat die konseptualisering

omsluit, is binne die teoretiese raamwerk van die sisteemteorie en die egosielkundige teorie van Erikson versoenbaar (Delpont, 1992: 183-184). Die volgende fundamentele strukturele- en prosesmatige eienskappe van seksuele kennis, - houding en - gedrag is relevant vir operasionalisering - sowel as assesseringsdoeleindes:

A. Seksuele kennis

- * Oorsprong van kennis: Inligtingsbronne
 - Moeder
 - Vader
 - Boeke/tydskrifte/pamflette
 - Portuurgroep
 - Massamedia: TV en flieks
 - Internet
- * Kwaliteit van seksuele kennis
 - Volledig of onvolledig
 - Inkorrekt of korrek
- * Kwantiteit van seksuele kennis
 - Teoretiese en fisiologiese aspekte
 - Houding
 - Gedrag
- * Toeganklikheid vs. Ontoeganklikheid van seksuele kennis
 - gesinstrukture
 - kommunikasie
- * Nie- staties: verander- en beïnvloedbaarheid van seksuele kennis
- * Kenniskomponente
 - Seksualiteit
 - Puberteit
 - Voortplanting: Manlike - en vroulike voortplantingstelsels, konsepsie, swangerskap en geboorte
 - Kontrasepsie
 - Menstruasie
 - Masturbasie
 - “Wet dreams”
 - “Petting”

- Seksuele omgang
- Homoseksualiteit/lesbianisme
- Prostitusie
- Pornografie
- Verkragting
- Seksueel oordraagbare siektes
- Vigs
- Aborsie

B. Seksuele houding

- * Liberaal vs. Konserwatief
- * Meer - vs. Minder moralisties
- * Verantwoordelikeheidsin vs. Onverantwoordelikeheidsin
- * Positief vs. Negatief
- * Inkonsekwente vs. Konsekwente houding
- * Tevredenheid vs. Ontevredenheid met betrekking tot:
 - persoonlike seksualiteit
 - sosiale verhoudings
- * Weerstand teen of aanvaarding van voorhuwelikse seksuele omgang
- * Sekerheid vs. Onsekerheid met betrekking tot:
 - persoonlike seksuele waardes
 - emosionele behoeftes
 - persoonlike sosiale gedrag
 - persoonlike seksuele reaksies
 - langtermyn doelwitte

C. Seksuele gedrag

- * Verskillende beïnvloedingsfaktore bepaal seksuele gedrag
 - Seksuele houding
 - Seksuele kennis
 - Lewensvaardighede: probleemoplossings-, besluitnemings-, selfgeldendevaardighede
 - Ontwikkelingsvlakke
 - Familiaal en swak kommunikasie

- Kultureel en globaal
- Godsdiens
- * Verwardheid tydens identiteitsontwikkeling by die adolessent beïnvloed sy seksuele gedrag
 - Stereotipering
 - Onrealistiese en onverantwoordelike beeld van manlikheid en vroulikheid
 - Portuurgroepsdruk
 - Verpligte konformerings met tradisionele geslagsrolle
 - Onbewus van verhoogde buigbaarheid in geslagsrolle en norme
- * Sistemiese beïnvloedingsfaktore ten opsigte van seksuele gedrag, is die adolessent se:
 - Selfbeeld en bewustheid van eie liggaam
 - Verhouding tot mikro-sisteem: gesin
 - Verhouding tot meso-sisteem: portuurgroep
 - Verhouding tot makro-sisteem: gemeenskap/samelewing
- * Verantwoordelike vs. Onverantwoordelike seksuele gedrag
 - Seksuele omgang met/sonder kontrasepsie
 - Seksuele omgang met/sonder kondoom
 - Ouderdom waarop eerste seksuele omgang plaasgevind het
- * Liberale vs. Konserwatiewe seksuele gedrag
 - Verlieftheid vs. Liefde
 - Fisiese kontak
 - Promiskuiteit
 - Uitlokking
- * Afwykende vs. Kontekstuele aanvaarbare seksuele gedrag
 - Homoseksualiteit en lesbinisme
 - Masturbasie
 - Pornografie
 - Voorhuwelike geslagsgemeenskap
 - Proefhuwelike
- * Ander gevolge weens onverantwoordelike, permissiewe en/of afwykende seksuele gedrag:
 - Psigosomatiese pyne
 - Emosionele probleme

- Identiteitsprobleme
- Gedragsveranderinge en selfvernietigende neigings
- Verhoudingsprobleme
- Gebrekkige opvoeding en onderwys
- Seksuele probleme
- Komplekse regshandelinge
- * Veranderbaarheid of onveranderbaarheid van seksuele gedrag
- * Tevredenheid vs. Ontevredenheid ten opsigte van seksuele gedrag
 - Verwerping
 - Seksuele genot

Na deeglike analisering van die eienskappe van die konstrakte seksuele kennis, - houding en -gedrag, omskryf die volgende indikatore die drie konstrakte waaruit die konsep seksuele ontwikkeling saamgestel is:

Konstruk 1: Seksuele kennis

- * Hoë mate van **verskillende of beperkte** inligtingsbronne ten opsigte van seksuele kennis.
- * Hoë mate van **volledig of onvolledig** verworwe seksuele kennis.
- * Hoë mate van **korrekte of inkorrekte** verworwe seksuele kennis.
- * Hoë mate van **voldoende of onvoldoende** verworwe seksuele kennis.
- * Hoë mate van **toeganklikheid of ontoeganklikheid** ten opsigte van die verkryging van seksuele kennis binne gesinsverband (van ouers).
- * Hoë mate van **beïnvloedbaarheid** ten opsigte van seksuele kennis.
- * Hoë mate van **ingeligtheid of oningeligtheid** ten opsigte van relevante seksuele aangeleenthede

Konstruk 2: Seksuele houding

- * Hoë mate van **liberale of konserwatiewe** seksuele houding.
- * Hoë mate van **moralistiese of lae mate van moralistiese** seksuele houding.
- * Hoë mate van **verantwoordelikheid of onverantwoordelikheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.
- * Hoë mate van **positiewe of negatiewe** seksuele houding.
- * Hoë mate van **konsekwente of inkonsekwente** seksuele houding.

- * Hoë mate van **weerstand teen of aanvaarding van** voorhuwelikse seksuele omgang.
- * Hoë mate van **sekerheid of onsekerheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.
- * Hoë mate van **tevredenheid of ontevredenheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

Konstruk 3: Seksuele gedrag

- * Hoë mate van **verskillende of beperkte** faktore wat seksuele gedrag beïnvloed.
- * Hoë mate of lae mate van **verwardheid** tydens identiteitsontwikkeling.
- * Hoë mate of lae mate van wederkerige **sistemiese beïnvloeding**.
- * Hoë mate van **verantwoordelike of onverantwoordelike** seksuele gedrag.
- * Hoë mate van **konserwatiewe of liberale** seksuele gedrag.
- * Hoë mate van **afwykende of kontekstueel aanvaarbare** seksuele gedrag.
- * Hoë mate van **positiewe of negatiewe gevolge** van seksuele gedrag.
- * Hoë mate van **tevredenheid of ontevredenheid** ten opsigte van seksuele gedrag.

Na die formulering van die stel indikatore, wat as eindproduk van die konseptualiseringsproses dien, is oorgegaan tot die tweede fase naamlik die ontwikkelingsfase.

5.2.2 Ontwikkelingsfase

5.2.2.1 Hoof gebeurtenis C: Skaalontwikkeling (assesseringsinstrumentontwikkeling)

Nadat die konstrakte gedefinieer is, begin die werklike ontwikkeling van die assesseringsinstrument. In hierdie fase moet die items ontwikkel word, skaallengte bepaal word, waardes moet toegevoeg word aan items, bepunting van die skaal moet geskied, en instruksies vir respondente geformuleer word (Faul, 1995:38-100).

Aktiwiteit 6: Ontwerp items

Die aktiwiteit bestaan uit die skryf van die items wat die volledige assesseringsinstrument sal uitmaak. Na die items gekonstrueer is, moet die skaalontwikkelaar die items toets. Dit behels die vergelyking van die items met die gedefinieerde konsepte. Daar moet vasgestel word of die item die spesifieke konsep werklik verteenwoordig (Faul, 1995:38-100).

Navorser het die items getoets deur dit met die drie konstrakte, seksuele kennis, - houding en - gedrag, en dan meer spesifiek die indikatore, te vergelyk.

Die items wat ontwikkel word kan as vraag of as stelling geformuleer word. Vrae is gewens aangesien dit die geneigtheid tot insiklikheid verminder, terwyl stellings meer gewens is, wanneer die mate waartoe 'n spesifieke houding of perspektief gehuldig word, bepaal word (Du Toit, 1998:110). In hierdie studie is van beide vrae en stellings gebruik gemaak. Vervolgens dan 'n uiteensetting van die toepaslike items soos wat hulle die geïdentifiseerde indikatore verteenwoordig in die assesseringsinstrument:

Konstruk 1: Seksuele kennis

Hoë mate van **verskillende of beperkte** inligtingsbronne ten opsigte van seksuele kennis.

1. Hoeveel seksuele inligting kry jy by die volgende bronne?
2. By watter bron verkies jy om meer oor seksuele sake uit te vind?
3. Ek beskou myself as 'n bron van seksuele kennis vir ander

Hoë mate van **volledig of onvolledig** verworwe seksuele kennis.

4. Ek weet alles van seksuele sake.

Hoë mate van **korrekte of inkorrekte** verworwe seksuele kennis.

5. Ek vind dat ek oor verkeerde seksuele inligting beskik.

Hoë mate van **voldoende of onvoldoende** verworwe seksuele kennis.

6. Die seksuele kennis waaroor ek beskik is vir my voldoende.

Hoë mate van **toeganklikheid of ontoeganklikheid** ten opsigte van die verkryging van seksuele kennis binne gesinsverband (van ouers).

7. Ek het vrymoedigheid om met my ouers oor seksuele sake te praat.
8. My ouers is beskikbaar wanneer ek behoefte het om oor seksuele aangeleenthede te praat.

Hoë mate van **beïnvloedbaarheid** ten opsigte van seksuele kennis.

9. Ek glo maklik wat ander vir my oor seksuele sake sê.

Hoë mate van **ingeligtheid of oningeligtheid** ten opsigte van relevante seksuele aangeleenthede

10. Hoeveel weet jy van die volgende seksuele sake?:
voortplanting, menstruasie, masturbasie, “wet dreams”, “petting”(vry), seksuele omgang, homoseksualiteit, lesbianisme, prostitusie, pornografie, verkragting, aborsie, vigs, seksueel oordraagbare siektes.

Konstruk 2: Seksuele houding

Hoë mate van **liberale of konserwatiewe** seksuele houding.

1. Ek voel ongemaklik as daar oor seks gepraat word.
2. Ek is skaam om oor seks met my vriende te praat.

Hoë mate van **moralistiese of lae mate van moralistiese** seksuele houding.

3. Seks buite die huwelik is verkeerd.
4. Om met enige iemand seks te hê is verkeerd.

Hoë mate van **verantwoordelikheid of onverantwoordelikheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

5. ‘n Kondoom moet tydens seksuele omgang gebruik word.
- 6-10. Redes waarom in voorhuwelikse seksuele omgang betrokke sou raak

Hoë mate van **weerstand teen of aanvaarding van** voorhuwelikse seksuele omgang.

11. Seks buite die huwelik met iemand wat jy lief het is reg.
12. Seks is bedoel vir die huwelik.

Hoë mate van **sekerheid of onsekerheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

13. Ek voel soms verward ten opsigte van seksuele sake.
16. Ek weet wat reg en verkeerd is ten opsigte van seksuele sake.

Hoë mate van **konsekwente of inkonsekwente** seksuele houding.

14. Ek verander maklik my siening rondom seksuele sake.
17. Ek het al my eie seksuele reëls oortree.

Hoë mate van **positiewe of negatiewe seksuele houding**.

15. Seks is aaklig.

Hoë mate van **tevredenheid of ontevredenheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

18. Ek is tevrede met my seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.
19. Ek is die meeste van die tyd gelukkig omdat ek 'n seun/dogter is.
20. Ek voel deel van my sosiale vriendekring.

Konstruk 3: Seksuele gedrag

Hoë mate of lae mate van **verwardheid** tydens identiteitsontwikkeling.

1. Ek voel onseker oor myself.
2. Ek hou van my fisiese voorkoms.

Hoë mate of lae mate van wederkerige **sistemiese beïnvloeding**.

1. My ouers se opinie is vir my belangrik.
2. Ek wil graag 'in' wees by my vriende.
3. Dit is vir my belangrik wat my vriende doen.
4. Hoe dikwels beïnvloed mense se verwagtings van jou, jou seksuele optrede.

Hoë mate van **verantwoordelike of onverantwoordelike** seksuele gedrag.

11. In watter mate het jy seksuele omgang?
12. Is dit vir jou belangrik om tydens seksuele omgang van 'n kondoom gebruik te maak?

Hoë mate van **konserwatiewe of liberale** seksuele gedrag.

1. In watter mate soen en hou jy en jou spesiale vriend/in hande vas?
2. In watter mate betas jy jou spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere?
3. In watter mate betas jy jou spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere?
13. Hoe dikwels tree jy seksueel uitlokkend op?
14. Hoe dikwels maak jy fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag.

Hoë mate van **afwykende of kontekstueel aanvaarbare** seksuele gedrag.

10. Hoe dikwels masturbeer (selfbevrediging) jy?
15. Hoe dikwels voel jy seksueel aangetrokke tot dieselfde geslag?

Hoë mate van **positiewe of negatiewe gevolge** van seksuele gedrag.

16. Hoe dikwels voel jy skuldig oor jou seksuele gedrag?
17. In hoë mate ervaar jy probleme met ander perosne weens jou seksuele optrede?

Hoë mate van **tevredenheid of ontevredenheid** ten opsigte van seksuele gedrag.

18. Hoe dikwels is jy tevrede met jou seksuele gedrag?

Na die ontwikkeling van die items volg die bepaling van die lengte van die skaal.

Aktiwiteit 7: Bepaal die lengte van die skaal (assesseringsinstrument)

‘n Vraag wat gereeld opkom by die ontwikkeling van ‘n skaal is die lengte van die skaal. Hoe langer die assesseringsinstrument hoe hoër die betroubaarheid van ‘n assesseringsinstrument. Die nadele aan ‘n langer assesseringsinstrument is egter dat dit meer tyd vat om te voltooi en moeiliker is om te administreer (Faul, 1995:38-100). In hierdie navorsingstudie is die volgende faktore in aggeneem met die bepaling van die lengte van die instrument: (1) die respondente is adolessente en hul aandagspan is nie so lank nie, en (2) verskeie indikatore met betrekking tot seksuele kennis, - houding en gedrag is relevant. Die navorser het dus besondere aandag gegee aan die lengte van die assesseringsinstrument omdat die instrument kort moes wees maar ook al die indikatore soos in die vorige fase geformuleer is, moes bevat.

Aktiwiteit 8: Skaal die items

Nadat ‘n aantal items ontwerp is, moet die items geskaal word. Die skaling van items het te doen met die ontwikkeling van ‘n spesifieke reël vir die toekenning van waardes aan die items. Wanneer waardes toegeskryf word beteken ‘n klein waarde dat die persoon ‘n lae belang het by die veranderlike en by ‘n groot waarde dui dit op ‘n hoë belang by die veranderlike (Faul, 1995:38-100). In hierdie studie is van ‘n vyfpunt-intensiteitskaal gebruik gemaak met “niks” of “nooit” = 1 en “altyd” of “besonder baie” = 5.

Aktiwiteit 9: Ontwerp ‘n toekenningsformule

Nadat die waardes aan die items toegeken is volg die bepunting van die assesseringsinstrument. Die volgende prosedures kan gevolg word in die puntetoekenning van ‘n multi-item assesseringsinstrument (Nurius en Hudson, 1993:419 soos aangehaal deur Faul (1995:55):

- N = Die aantal items wat volledig deur die respondent voltooi is.
- K = Die grootste itemrespons wat deur die assesseringsinstrument toegelaat word.

Daar is twee stappe in die toekenningsprosedure.

(i) *Omskakeling van roupunte van items (Reverse scoring items)*

Indien daar een of meer items is wat 'n omskakeling van roupunte moet kry, moet dit afgehandel word voor die finale puntetoekenning bereken kan word. Om dit te kan doen, kan van die volgende formule gebruik gemaak word:

$$Y = K - X + 1$$

- Waar Y = Teenoorgestelde puntetoekenningswaarde.
- X = Die oorspronklike roupunt van die respondent.
- K = Die grootste itemrespons toelaatbaar.

(ii) *Bereken die finale puntetoekenning*

$$S = \frac{(\text{Sum } X - N)(100)}{N(K - 1)}$$

- Waar S = Finale puntetoekenning
- X = Item response
- N = Die aantal volledige beantwoorde items
- K = Die grootste itemrespons toelaatbaar

Aangesien die navorsing nie 'n gestandaardiseerde assesseringsinstrument of terapeutiese doel het nie, is hierdie tegniese stappe nie vir die doel van die studie so relevant nie. Daarom dan is die stap van puntetoekenning nie uitgevoer nie. Slegs sekere items in die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument se roupunte is wel omgekeer.

Aktiwiteit 10: Skryf instruksies vir respondente

Een van die mees algemeenste probleme met die konstruering van 'n skaal is die aanname dat die respondente sal weet hoe om die assesseringsinstrument te voltooi. Dit is dus belangrik dat die assesseringsinstrument duidelike instruksies het met nodige kommentaar waar nodig (Faul, 1995:38-100). Die instruksies moet aan die volgende vereistes voldoen:

- * eenvoudig en maklik verstaanbaar
- * verduidelik wat gemeet word
- * bied 'n voorbeeld van die respons-sleutel
- * verduidelik waar om respons te stipuleer
- * verduidelik dat daar geen regte of verkeerde antwoorde is nie

Dit was van kardinale belang dat die instruksies baie eenvoudig en duidelik vir die adolessente geformuleer moes word. Aangesien navorser self die vraelyste by die skole laat voltooi het, kon respondente vrae en onduidelikhede onmiddelik met navorser uitklaar.

Na die ontwikkeling van die skaal word die skaal se geldigheid en betroubaarheid in die volgende fase ondersoek.

5.2.3 Valideringsfase

5.2.3.1 Hoof gebeurtenis D: Ontwerp geldigverklaringstudie

Nadat die assesseringsinstrument ontwikkel is, moet 'n studie onderneem word om die geldigheid en betroubaarheid daarvan te ondersoek. Ten einde dit te bereik moet die navorsingsprobleem geformuleer word, die steekproeftrekking beplan word, die steekproefgrootte bepaal word, die navorsingspakket voorberei word, data ingesamel word en dan die geldigheid en betroubaarheid van die assesseringsinstrument bepaal word.

Aktiwiteit 11: Formuleer navorsingsprobleem

In die aktiwiteit is dit belangrik om die spesifieke probleem te formuleer. Die probleemformulering rig die navorsing (Faul, 1995:38-100). 'n Behoefte na 'n instrument wat die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag kan assessee is geïdentifiseer. Dit het egter uit bestaande literatuur geblyk dat so 'n assesseringinstrument nie bestaan nie. Die doel van hierdie studie is dan om 'n assesseringsinstrument te ontwikkel wat die seksuele kennis, - houding en -gedrag van die adolessent kan assessee. In hoofstuk 1.3 is 'n volledige formulering van die navorsingsprobleem weergegee.

Aktiwiteit 12: Selekteer die steekproeftegniek

Indien die navorsingstudie se stellings veralgemeen moet word na die populasie behoort die steekproef verteenwoordigend van die populasie te wees (Faul, 1995:38-100).

Twee velde van waarskynlikheid kan onderskei word. In 'n waarskynlikheidsteekproef is die waarskynlikheid van die insluiting van elke respondent bekend en die steekproef kan gesien word as verteenwoordigend van die populasie. Waar die waarskynlikheid van seleksie nie bekend is nie, die nie-waarskynlikheidsteekproef, kan bevindinge nie veralgemeen word na die populasie nie.

Vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie is besluit om 'n proporsioneel gestratifiseerde ewekansige steekproef te trek. Dit behels die seleksie van persone in die onderskeie strata in ooreenstemming met die verspreiding van die lede van die onderskeie strata in die universum. In hierdie studie is graad 8, 9 en 10 van twee geselekteerde hoërskole respektiewelik as 'n strata beskou en die aantal respondente wat uit elke strata deel geneem het aan die studie is proporsioneel verkies. In hoofstuk 1.8.5 en hoofstuk 6.2 is die seleksie van die steekproef omskryf.

Aktiwiteit 13: Bepaal die grote van die steekproef

By die bepaling van die grote van die steekproef behoort die volgende aspekte in konsiderasie geneem te word: die tyd- en koste-effektiwiteit, betroubaarheid en geldigheid van die skaal (Faul, 1995:38-100).

Die universum wat gestel is vir die ondersoek, sluit in al die graad 8, 9 en 10 leerlinge van twee skole in Pretoria. Uit die skaal vir die bepaling van die steekproefgrote vanuit 'n gegewe populasie het dit geblyk dat ten minste 312 respondente vir 'n populasie grote van 1621 mense getrek moet word. 'n Steekproef bestaande uit 320 respondente is vir hierdie studie geselekteer (Krejcie & Morgan, 1970:609).

Aktiwiteit 14: Berei die navorsingspakket voor

Eerstens moet 'n dekbrief, wat die rede vir die navorsing verduidelik en die navorser voorstel, in die navorsingspakket ingesluit word. In die dekbrief moet die respondente aangemoedig word om deel te neem en anonimiteit bevestig word (Faul, 1995:38-100).

Tweedens moet 'n agtergrondsinsligtingsblad die pakket vergesel wat deel uitmaak van die navorsing. Die agtergrondsinsligting help met die beskrywing van die steekproef en die bepaling van konstrugeldigheid. Dit sluit onder andere die ouderdom en geslag van die respondente in (Faul, 1995:38-100).

Vir hierdie studie is 'n toestemmingsbrief vir deelname aan die sensitiewe studie aan die adolessente se ouers gerig vir ondertekening (Sien bylae 1 en 2). Hierin is die doel van die studie verduidelik, die navorsers voorgestel en anonimiteit bevestig. Slegs adolessente wie se ouers toestemming verleen het tot die studie, is by die studie ingesluit.

5.2.3.2 Hoof gebeurtenis E: Data insameling

Aktiwiteit 15: Administreer navorsingspakket aan steekproef

Na die skaal ontwikkel is, word dit geïmplimenteer (Faul, 1995:38-100). Navorsers het met die navorsingspakket na beide skole gegaan vir voltooiing. Die aflegging van die assesseringsinstrument het onder eksamen toestande geskied naamlik stilte terwyl almal geskryf het. Beide skole was baie entoesiasies oor die projek en het in besonder dank betuig vir die inset wat gelewer word. Die kontakpersone en hoofde van beide skole het vir terugvoer gevra na die data verwerk en geïnterpreteer is.

5.2.3.3 Hoof gebeurtenis F: Onderzoek betroubaarheid

Die betroubaarheid van 'n assesseringsinstrument verwys na die konsekwentheid waarmee dit meet, met ander woorde dit meet wat dit veronderstel is om te meet. Wanneer die skaal of meetinstrument betroubaar is, sal die respondente konsekwent in dieselfde rangorde geplaas word, wanneer dit by herhaling toegepas word. (Devantier, 1995:137).

Vervolgens sal die verskillende tipes betroubaarheid kortliks bespreek word (Devantier, 1995:138; Faul, 1995:67-71) :

- *Toets-hertoetsbetroubaarheid:*

Toets- hertoetsbetroubaarheid word verkry wanneer 'n instrument twee of meer keer op dieselfde proefpersone toegepas word. Die resultate wat verkry word, word met mekaar gekorreleer en lewer dan die sogenaamde stabiliteitskoëffisiënt van die toets.

Daar is egter drie probleme met die meet van toets- hertoetsbetroubaarheid: praktiese - en vermoeieniseffekte, asook werklike verandering in wat gemeet word. Praktiese effekte sluit onder ander in dat die respondent die inhoud van die instrument onthou van die vorige keer en dit toepaslik antwoord. Indien die tydinterval tussen die twee metings groot genoeg is behoort praktiese - en vermoeieniseffekte uitgeskakel te word.

- *Parallele vorm betroubaarheid:*

Wanneer twee parallelle toetsinstrumente beskikbaar is, kan die een instrument eers toegepas word en dan die ander op dieselfde proefpersone. 'n Korrelasiekoëffisiënt wat as die ekwivalensiekoëffisiënt bekend staan, word verkry.

Verskeie probleme word gevind met dié tipe betroubaarheidstoetsing. Dit is moeilik om te weet of twee instrumente ekwivalent is as hulle nie hoog korreleer nie en indien die instrumente gelyktydig of ten minste kort na mekaar toegepas word nie. Andersins mag die korrelasie verminder word as gevolg van verandering oor tyd en gevolglik onbetroubaarheid van meting. Dit is ook moeilik en tydrowend om twee parallelle instrumente te ontwikkel.

- *Halveringsbetroubaarheid:*

In hierdie metode van betroubaarheidstoetsing word 'n enkele instrument op so 'n wyse verdeel dat die twee dele as twee parallelle toetshelftes beskou kan word.

Die logiese is om die assesseringsinstrument in 'n eerste helfde en 'n tweede helfde te verdeel, maar vermoeieniseffekte kan so navore kom. Ten einde die probleem aan te spreek kan eerder die ewe nommer items aan 'n groep toegeken word en die onewe nommer items aan die ander groep.

Aangesien die studie hom nie daartoe geleen het nie, is geen van bogenoemde metodes toegepas nie. Die alfa koëffisiënt is wel bereken.

Aktiwiteit 16: Bereken die Alfa koëffisiënt

Die Alfa koëffisiënt behels volgens Hudson en Pike (1995:1) soos aangehaal deur Faul (1995:71) die volgende:

- “The coefficient Alpha is easy to compute from the standard deviations for items and the standard deviation for the total score on a measurement scale.
- Alpha is the mean of all possible split-half reliability coefficients and can be used to estimate parallel test reliability.
- Alpha serves as a confirmation of unidimensionality when its value for a given instrument exceeds 0.90.”

Die formule vir die Alpha koëffisiënt is (Cronbach, 1951; Hudson 1994b; Nunnally en Bernstein 1994 soos aangehaal deur Faul (1995:72):

$$\alpha = \frac{(k/k-1)(1-\sum S^2)}{S^2_0}$$

Waar k = aantal items

s^2 = variansie van items

s^2_0 = variansie van totale puntetelling

In hierdie studie het die Universiteit van Pretoria, Departement Statistiek die resultate verwerk. Sien hoofstuk 5.2.3.4 vir meer detail ten opsigte van die resultate.

Aktiwiteit 17: Bereken die standaard fout van meting

Die betroubaarheidskoëffisiënt wat gebaseer is op korrelasies kan beïnvloed word deur verskille in die variansie en standaardafwyking van ‘n assesseringsinstrument wat tussen verskillende steekproewe kan voorkom. Ten einde die probleem aan te spreek behoort die SEM (Standaard Fout Meting) ook bereken te word. Die SEM is ‘n beraming van die standaardafwyking weens die foute van meting en word as volg bereken (Hudson 1991; Sechrest 1984 soos aangehaal deur Faul (1995:73):

$$SEM = S_0 * \sqrt{1 - r_n}$$

waar S_0 = standaardafwyking van die waarnemende puntetelling

r_n = koëffisiënt Alfa

Vanweë die feit dat die betrokke assesseringsinstrument as ‘n nie-gestandaardiseerde instrument benut gaan word, is die tegniese uitvoering van aktiwiteit 17 nie geïmplementeer nie.

5.2.3.4 Hoof gebeurtenis G: Onderzoek geldigheid

Geldigheid verwys na die assesseringsinstrument se vermoë om die eienskappe te meet wat dit veronderstel is om te meet (Devantier, 1995:133).

Aktiwiteit 18: Beoordeel gesigsgeldigheid

Volgens Bailey (1987:313) behels gesigsgeldigheid meer as net die oordeel van die inhoud: “Not only the content of the document but also word patterns, language, writing style, and composition of paper and ink all can provide checks on the validity or authenticity of a document”. Gesigsgeldigheid behels die blote oordeel of ‘n meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet.

Die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument lyk asof dit gesigsgeldigheid het met woordpatrone, taal, skryfstyl en die tegniese uiteensetting in aggeneem. Verskeie kundiges in die praktyk het ook insette gelewer rakende bogenoemde en bevestig dat dit korrek is.

Aktiwiteit 19: Beoordeel inhoudsgeldigheid

Dit is verkieslik om inhoudsgeldigheid vas te stel voor die assesseringsinstrument ontwikkel word. Die assesseringsinstrument se inhoud behoort dus verteenwoordigend te wees van dit wat in die universum voorkom. Devantier (1995:135) is van mening dat inhoudsgeldigheid verkry kan word deur ‘n kennis van die teorie en ‘n omskrywing van die universum.

Die inhoud van die betrokke assesseringsinstrument is gebaseer op ‘n wetenskaplike prosedure in samehang met ‘n toepaslike teoretiese raamwerk soos verkry uit die literatuur. Inhoudsgeldigheid bestaan dus wel.

Aktiwiteit 20: Onderzoek inhoudsgeldigheid

‘n Tweede wyse waarop inhoudsgeldigheid ondersoek kan word is deur die gebruik van multi-groep bevestigende faktor analise. Sien Faul (1995:82-88) vir die tegniese bespreking van dié tipe analise. Na aktiwiteit 21 word die faktor analise, soos hier van toepassing, bespreek.

Aktiwiteit 21: Onderzoek konstrugeldigheid

‘n Konstruk soos gedefinieer deur Babbie (1989:109) is ‘n teoretiese skepping gebaseer op waarnemings wat nie direk of indirek waargeneem kan word nie, byvoorbeeld IK. By konstrugeldigheid kan ook van multi-groep bevestigende faktor analise gebruik gemaak word. Kerlinger (1986:590) sluit hierby aan deur te meld dat: “Factor analysis can be conceived as a construct validity tool”.

Soos reeds gemeld het die Universiteit van Pretoria, Departement Statistiek die data verwerk. Ten einde konstruk- en inhoudsgeldigheid te toets is faktorontleding met skuinsrotasie (Direct Quartimin) gedoen met behulp van die BMDP statistiese pakket om die getal faktore wat onttrek kan word te bepaal. Aangesien afdeling A van die assesseringsinstrument net biografiese inligting bevat en afdeling B kennisgebaseerde feite kon dit nie by die faktoranalise betrek word nie. Slegs afdeling C en D is by faktor analise betrek. Na inspeksie van die eigenwaardes is besluit om onderskeidelik 1, 2 en 3 faktore vir afdeling C en D van die instrument te onttrek. Na verdere inspeksie is items uitgelaat omdat dit nie op een van die faktore ‘n lading hoër as 0.25 getoon het nie. In afdeling C is ses uit die twintig vrae uitgelaat en die 3 faktore het die volgende Cronbach koëffisiënt-alfa gemeet:

Faktor 1: 0.7586 *Faktor 2:* 0.8047 *Faktor 3:* 0.6970

Na verdere inspeksie is egter besluit dat slegs een faktor nl. seksuele houding sinvol interpreteer kon word. Ten opsigte van dié konstruk is sewe items uit twintig behou met ‘n Cronbach koëffisiënt-alfa van 0.7904.

In afdeling D, seksuele gedrag is ook 3 faktore getoets, maar aangesien die faktore nie sinvol geïnterpreteer kon word nie is besluit op slegs een faktor. Al die items in die afdeling het saam ‘n Cronbach koëffisiënt-alfa van 0.6378 gemeet. Na verdere inspeksie is slegs 9 van die 18 items ingesluit by die toetsing en ‘n Cronbach koëffisiënt-alfa van 0.8262 is gemeet.

Met die uitlating van sekere vrae om die metings beter te laat vertoon is egter gevind dat te veel bruikbare inligting verlore gaan. Elke item in die assesseringsinstrument is opgestel om ‘n spesifieke indikator te meet. Die doel van hierdie nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument is om elke item te interpreteer en dienoooreenkomstig in

maatskaplikwerkhulpverlening te gebruik.

Aktiwiteit 22: Onderzoek kriteriumgeldigheid

Kriteriumgeldigheid is die korrelasie tussen die skaal en sommige eksterne kriteria.

Volgens Devantier (1995:134) kan twee kriteriumverwante geldighede onderskei word:

- Voorspellingsgeldigheid: Die akkuraatheid waarmee 'n toets toekomstige gedrag of status van 'n individu voorspel.
- Samevallende geldigheid: Die akkuraatheid waarmee die toets huidige gedrag van individue identifiseer of diagnoseer.

Aangesien hierdie studie hom nie daartoe verleen nie is hierdie tipe geldigheidstoetsing nie gedoen nie.

Uit bogenoemde ondersoek blyk dit dat die Cronbach koëffisiënt-alfa en kontrukgeldigheid nie na wense meet nie. Die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument beskik wel oor die gewenste gesigsgeldigheid en inhoudsgeldigheid Sien hoofstuk 7 vir gevolgtrekkings en aanbevelings.

5.2.3.5 Hoof gebeurtenis H: Vasstel van kliniese afsnypunte

Aktiwiteit 23: Vasstel van kliniese afsnypunte

Die doel van kliniese afsnypunte is om 'n terapeutiese kriteria vas te stel ten einde te bepaal of 'n probleem bestaan. Faul (1995:94) konstateer: "Clinical cutting scores can be used as an assessment or therapeutic criterion or benchmark. This is important for practitioners who want to use measurement tools for assessment purposes and for the establishment of therapeutic goals. The use of cutting scores for assessment purposes helps to identify the severity of a problem and indicates whether therapeutic intervention is necessary".

Die SEM kan gebruik word om 'n hoë en lae afsnypunt vas te stel vir die gebruik van die interpretasie van die respondent se punttoekenning. Indien die respondent se punttoekenning deur CS en die kliniese afsnypunt as CCS aangedui word, sal daar 'n sterk aanduiding wees van die afwesigheid van 'n betekenisvolle kliniese probleem in die area wat aangepreek word, indien $CS \leq CCS - SEM$ (lae afsnypunt).

Indien $CS \geq CCS + SEM$ (hoë afsnypunt) is daar 'n redelike sterk indikasie van die teenwoordigheid van 'n betekenisvolle kliniese probleem in die area wat aangespreek word. Indien 'n respondent tussen die lae en hoë afsnypunt val sal dit nie vir die maatskaplike werker moontlik wees om sekerheid te hê oor die teenwoordigheid of afwesigheid van 'n kliniese probleem in die area wat aangespreek word nie.

Aangesien dié 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument is, word dit nie nodig geag om die kliniese afsnypunte te bepaal nie omdat dit die waarde van die instrument sou verskraal. Dié instrument word nie vir terapeutiese doeleindes benut nie, maar wel om behoefte areas, met die oog op samestelling van 'n intervensieprogram, te identifiseer. Al die vrae in die instrument is dus vanuit die maatskaplikewerkperspektief relevant. Die items moet saam in geheel gebruik word, maar elke item het sy eie soortige professionele waarde vir die maatskaplike werker.

5.2.4 Benuttingsfase

5.2.4.1 Hoof gebeurtenis I: Disseminasie van informasie

Dit is van kardinale belang dat die kennis wat opgedoen is deur die navorsing aan akademië, navorsers en maatskaplike werkers in die praktyk beskikbaar gestel moet word (Faul, 1995:38-100).

Aktiwiteit 24: Skryf 'n handleiding

Met betrekking tot die skaal ontwikkeling behoort 'n navorsingsverslag geskryf te word. Hierin kan die nuut ontwikkelde skaal omskryf en navorsingsbevindinge gerapporteer word (Faul, 1995:38-100).

Die volgende aspekte is van belang vir die skryf van 'n handleiding (Faul, 1995:38-100):

- Die teoretiese raamwerk waaruit die skaal opgestel is.
- Die definiëring van konstrakte
- Inligting met betrekking tot die administrasie van die assesseringsinstrument
- Inligting met betrekking tot die puntetoekenning van die assesseringsinstrument
- Inligting met betrekking tot die interpretasie van die assesseringsinstrument
- Inligting met betrekking tot die geldigheid van die assesseringsinstrument
- Inligting met betrekking tot die betroubaarheid van die assesseringsinstrument

Aktiwiteit 25: Skryf 'n artikel

Indien mense nie ingelig word met betrekking tot die bestaan van 'n nuut ontwikkelde assesseringsinstrument nie, sal dit nie gebruik word nie. Die skryf van 'n artikel maak dit meer bruikbaar. Dit maak ook deel uit van 'n informasie netwerk wat maklik opgespoor kan word en gebruik kan word.

In hierdie studie skryf navorser 'n navorsingsverslag en artikel vir publikasie. Op 'n later stadium sal navorser die produk (assesseringsinstrument) intensief bemark.

5.3 'N VERGELYKING TUSSEN DIE MODEL VAN ROTHMAN & THOMAS EN DIE PROSEDURES VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N ASSESSERINGSINSTRUMENT VOLGENS FAUL

'n Vergelyking tussen die model van Rothman en Thomas (1994:28), soos volledig bespreek is in hoofstuk 2, en die prosedures vir die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument soos deur Faul (1995:35) uiteengesit is, kan as volg getabuleer word:

Tabel 5.2: Vergelyking van die model van Rothman & Thomas en die model van Faul.

Die model van Rothman & Thomas	Faul se prosedures vir die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument	
Probleemanalise en projekbeplanning	Pre-ontwikkeling:	A. Probleem Identifikasie
Insameling van data en sintesevorming		B. Teorie Formulering
Ontwerp	Ontwikkeling:	C. Ontwerp Skaal
Vroeë ontwikkeling en voorlopige toetsing		
Evaluasie en gevorderde ontwikkeling	Geldigverklaring:	D. Ontwerp geldigverklaringstudie E. Data insameling F. Ondersoek betroubaarheid G. Ondersoek geldigheid H. Vas stel van kliniese afsnypunte
Disseminasie	Benutting	I. Disseminasie van informasie

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar verskeie ooreenkomste en verskille tussen die model van Rothman & Thomas en die prosedures vir die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument soos omskryf deur Faul bestaan. Beide modelle begin met probleemanalise en die verkryging van inligting. Tweedens volg die ontwikkelingsfase. Derdens word die produk geëvalueer en geldig verklaar. Laastens word die produk bemark en benut.

5.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar op 'n gedetailleerde wyse 'n uiteensetting gegee van die prosedures verbonde aan die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument, soos uiteengesit deur Faul en van toepassing gemaak op hierdie studie. Hoofstuk 6 fokus op die analise en interpretasie van empiriese navorsingsbevindings.

HOOFTUK 6

VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN NAVORSINGSBEVINDINGS

6.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 is die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument aan die hand van Faul (1995:35) se proses vir die ontwikkeling van skale in maatskaplike werk, bespreek. Daarmee saam is ook bespreek hoe dit op hierdie studie van toepassing gemaak is. Die gegewens wat bekom is deur middel van die implementering van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument by twee skole in Pretoria, is statisties verwerk en die resultate sal vervolgens in hierdie hoofstuk weergegee word.

Die uiteensetting van die navorsingsbevindinge is in ooreenstemming met die formaat van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument. Die eerste afdeling (Afdeling A) van die assesseringsinstrument fokus op die respondent se biografiese inligting. Die tweede afdeling (Afdeling B) bevat skaalitems wat inligting rondom die respondent se seksuele kennis ondersoek. Die derde afdeling (Afdeling C) bevat items met 'n vyfpuntskaal wat inligting rakende die respondent se seksuele houding ondersoek. Die vierde afdeling (Afdeling D) bevat items met 'n vyfpuntskaal wat inligting rakende die respondent se seksuele gedrag ondersoek. Die laaste afdeling (Afdeling E) bevat ook items met 'n vyfpuntskaal ten einde meer inligting rakende seksuele aktiwiteite by die respondente te bepaal.

6.2 STEEKPROEF

Die universum van hierdie studie is die graad 8, 9 en 10 leerlinge van twee skole in Pretoria wie se ouers toestemming verleen het om aan die studie deel te neem, naamlik 1618 leerlinge in totaal. Aangesien alle respondente nie by die ondersoek betrek kon word nie, is 'n steekproef getrek by wyse van 'n proporsioneel gestratifiseerde ewekansige steekproeftrekking gekombineerd met sistemiese steekproeftrekking. Dit behels eerstens die seleksie van persone in die onderskeie strata in ooreenstemming met die verspreiding van die lede van die onderskeie strata in die universum (Navorsingsmetodiek, 1993:20). Tweedens verwys die sistemiese steekproeftrekking na die alfabetiese klaslyste wat geneem is en elke 5de naam op die klaslyste is as respondent verkies. 'n Leerling is nie ingesluit as

sy ouers nie toestemming tot deelname verleen het nie. Die universum vir Skool A was 1234 leerlinge en Skool B 384 leerlinge. Naamlyste van die graad 8, 9 en 10 leerlinge wie se ouers toestemming verleen het, is van die onderskeie skole verkry. Die drie strata vir hierdie navorsingstudie is onderskeidelik geïdentifiseer as die graad 8, 9 en 10 leerlinge van die twee onderskeie skole, waaruit 'n proporsioneel gestratifiseerde ewekansige steekproef gekombineerd met sistemiese steekproeftrekking getrek is. 'n Totaal van 320 respondente is betrek by die studie (Krejcie & Morgan, 1970:609).

Skool A maak 76% (243 respondente) en skool B maak 24 % (77 respondente) van die steekproef uit. Vervolgens 'n meer gedetailleerde uiteensetting van die strata's en aantal respondente per strata wat aan die studie deelgeneem het.

Tabel 6.1: Steekproeftrekking

Strata	% respondente per strata	Respondente per strata
Skool A Graad 8	28 %	92
Skool A Graad 9	21 %	68
Skool A Graad 10	26 %	83
Skool B Graad 8	10 %	31
Skool B Graad 9	9 %	28
Skool B Graad 10	6 %	18
<i>Totaal</i>	<i>100 %</i>	<i>N = 320</i>

Ten einde 'n meer volledige profiel van die respondente te gee, word relevante biografiese inligting, soos verkry uit die assesseringsinstrument, vervolgens weergegee.

6.3 BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN RESPONDENTE

6.3.1 Akademiese vlak van respondente

Die meerderheid van die respondente nl. 123 respondente (38%) is in graad 8. Tweede meeste respondente nl. 101 respondente (32%) is in graad 10. Laastens is 96 respondente (30%) is graad 9. Sien Tabel 6.2 vir graadverspreiding van die respondente (N = 320).

Tabel 6.2: Graadverspreiding

Graad	Respondente	Persentasie
Graad 8	123	38 %
Graad 9	96	30 %
Graad 10	101	32 %
<i>Totaal</i>	<i>320</i>	<i>100 %</i>

6.3.2 Ouderdom van respondente

Die ouderdomsverspreiding van die respondente word in Figuur 6.1 uiteengesit. Uit Figuur 6.1 blyk dit dat die meerderheid van die respondente nl. 110 (35 %) respondente 14 jaar oud is. Honderd respondente (31%) is 15 jaar oud en 96 respondente (30%) is 16 jaar oud is. Slegs 14 respondente (4%) is 13 jaar oud.

6.3.3 Geslag van respondente



Uit die respondentegroep (N = 320) het dit geblyk dat 57 % (182 respondente) vroulike respondente is en 43% (138 respondente) manlike respondente is. Die gegewens word in Tabel 6.3 uiteengesit.

Tabel 6.3: Geslagsverspreiding

Geslag	Aantal respondente	Persentasie
Manlik	138	43 %
Vroulik	182	57 %
<i>Totaal</i>	<i>320</i>	<i>100%</i>

6.3.4 Seksuele voorligtingsprogram

Op die vraag of die respondente al 'n seksuele voorligtingsprogram bygewoon het, het 87% (277 respondente) van die respondente gemeld dat hulle reeds so 'n program bygewoon het, en slegs 13 % (43 respondente) van die respondente het nog nie. In Tabel 6.4 word die inligting saamgevat.



Figuur 6.1: Ouderdomsverspreiding

Tabel 6.4: Bywoning van seksuele voorligtingsprogram in die verlede

Bywoning	Aantal respondente	Persentasie
Ja	277	87 %
Nee	43	13 %
<i>Totaal</i>	<i>320</i>	<i>100 %</i>

6.3.5 Samevatting van die profiel van respondente

Al die respondente is in graad 8, 9 of 10. Die meeste respondente nl. 96% respondente is tussen 14 en 16 jaar oud. Die meeste respondente naamlik 57% is vroulik terwyl 43% manlik is. Die meeste van hierdie respondente naamlik 87% het reeds 'n seksuele voorligtingsprogram bygewoon.

Vervolgens word die resultate, soos verkry uit die assesseringsinstrument, ten opsigte van die respondente se seksuele kennis weergegee.

6.4 SEKSUELE KENNIS


Binne die komponent van seksuele kennis word die verskillende inligtingsbronne van seksuele kennis en die kwaliteit, toeganklikheid en beïnvloedbaarheid van die verworwe seksuele kennis gemeet. Laastens word die mate waarin die respondente ingelig is ten opsigte van relevante seksuele aangeleenthede gemeet. Die resultate wat verkry is in hierdie afdeling word in figure 6.2 - 6.5 voorgestel en word as volg bespreek.

Vraag 1: Hoeveel seksuele inligting kry jy by die volgende bronne?

N = 320

- Respondente het, soos voorgestel in Figuur 6.2, aangedui in welke mate elke gegewe bron benut word in die verkryging van seksuele informasie. Navorser het die keuse van “Heel meeste” en “Baie” in ag geneem in die bepaling of die gegewe bronne van belang geag word al dan nie.
- Uit Figuur 6.2 blyk dit dat 36 respondente “heel meeste” en 89 respondente “baie” van TV/fliks gebruik maak as bron van seksuele informasie. Dus word bevind dat *TV/Fliks (39%)* die grootste bron van seksuele inligting is. Daarna het 40 respondente “heel meeste” en 78 respondente “baie” aangedui as die mate waarin hulle van *vriende (37%)* gebruik maak vir seksuele informasie.

Figuur 6.2: Bron van seksuele inligting



Derdens word *moeder* (23%) deur 31 respondente “heel meeste” en deur 44 respondente “baie” benut. Vierdens het 13 respondente aangedui dat hulle “heel meeste” en 56 respondente “baie” van *inligtingsprogramme by skole* (22%) gebruik maak. Tien respondente het “heel meeste” en 51 respondente het “baie” aangedui as die mate waarin hulle gebruik maak van *boek/tydskrifte/pamflette* (19%) en 21 respondente “heel meeste” en 28 respondente “baie” van die *internet* (15%) as bron van seksuele inligting. Laastens het slegs 10 respondente “heel meeste” en 13 respondente “baie” aangedui as die mate waarin hulle seksuele informasie van *vader* (7%) bekom.


- Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die vader nie ‘n groot rol speel in die seksuele opvoeding van die adolessent nie.

Vraag 2: Watter bron verkies jy om meer oor seksuele sake uit te vind?

N = 405 (aantal response)

- Uit die studie het dit geblyk dat die vraag nie duidelik genoeg gestel was nie. Slegs een respons is verlang, maar van die respondente het meer as een item (405 response) gemerk.
- In Figuur 6.3 blyk dit dat die respondente *inligtingsprogramme by skole* (24%) die meeste verkies as bron van seksuele kennis.
- Tweedens word *boeke/tydskrifte/pamflette* (21%) verkies en derdens *moeder* (20%).
- Vierdens word *vriende* (12%) en *TV/fliks* (12%) verkies as bronne van seksuele inligting.
- *Vader* (6%) en die *internet* (5%) is aangedui as nie belangrike bronne van seksuele inligting nie.
- Uit bogenoemde blyk dit dat seksuele inligting eerder verkry wil word buite gesinsverband nl. inligtingprogramme by skole en boeke/tydskrifte/pamflette. As gevolg van die sensitiewe aard van seksualiteit kan dit moontlik wees dat die adolessente eerder buite hulle gesinsverband die aangeleentheid wil hanteer of die nodige steun is nie verkrygbaar binne die gesin nie.
- Verder blyk dit dat die moeder nog geag word as ‘n belangrike bron van seksuele inligting, maar nie vader nie. In die studie is 57% van die respondente dogters, wat heelwaarskynlik eerder die moeder as die vader sal nader vir seksuele inligting.

Figuur 6.3: Verkose bron van seksuele inligting



Vraag 3: Ek beskou myself as 'n bron van seksuele kennis vir ander.

N = 320

Tabel 6.5: Beskou self as seksuele bron

	Frekwensie	Persentasie
Nooit	86	27%
Selde	119	37%
Somtyds	91	28%
Gewoonlik	18	6%
Altyd	6	2%
Totaal	<i>N = 320</i>	<i>100 %</i>

- Uit Tabel 6.5 blyk dit dat die meeste respondente nl. 37% hulleself *selde* as 'n bron van seksuele kennis vir ander beskou.
- Die tweede meeste respondente nl. 28% beskou hulleself *somtyds* as 'n bron van seksuele kennis.
- Die derde meeste respondente nl. 27% beskou hulleself *nooit* as 'n bron van seksuele kennis nie.
- Die minste respondente beskou hulleself *gewoonlik* (6%) en *altyd* (2%) as 'n bron van seksuele kennis.
- Hieruit blyk dit dat die respondente in die meerderheid hulleself nie as 'n bron van seksuele kennis vir ander beskou nie.


Vraag 4 - 9 word in Figuur 6.4 voorgestel. Elke stelling word as 'n aparte staaf op die Figuur voorgestel.

Vraag 4: Ek weet alles van seksuele sake

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (1) blyk dit dat 94 respondente (29%) *somtyds* alles weet van seksuele sake.
- Die tweede meeste respondente nl. 84 respondente (26%) het aangedui dat hulle *selde* alles van seksuele sake weet.
- Die derde meeste respondente nl. 80 respondente (25%) het aangedui dat hulle *gewoonlik* alles van seksuele sake weet.

Figuur 6.4: Kwaliteit, toeganklikheid en beïnvloedbaarheid van seksuele kennis



1= volledigheid/onvolledigheid, 2 = korrek/inkorrek, 3 = voldoende/onvoldoende,
4 = toeganklikheid/ontoeganklikheid, 5 = Ouers se beskikbaarheid, 6 = beïnvloedbaarheid

- Slegs 41 respondente (13%) het aangedui dat hulle *nooit* alles van seksuele sake weet nie.
- Die minste respondente nl. 21 respondente(7%) het aangedui dat hulle *alles* van seksuele sake af weet.
- Uit bogenoemde blyk dit dat daar by die respondente 'n hoë mate van **onvolledige** verworwe seksuele kennis is.

Vraag 5: Ek vind dat ek oor verkeerde seksuele inligting beskik

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (2) blyk dit dat 136 respondente (42%) *selde* vind dat hulle oor verkeerde seksuele inligting beskik.
- Die tweede meeste repondente nl. 91 respondente (28%) vind dat hulle *nooit* oor verkeerde seksuele inligting beskik nie.
- Die derde meeste respondente nl. 70 respondente (22%) vind dat hulle *somtyds* oor verkeerde seksuele inligting beskik
- Slegs 18 respondente (6%) vind dat hulle *gewoonlik* oor verkeerde seksuele inligting beskik en 5 respondente (2%) vind dat hulle *altyd* oor verkeerde seksuele inligting beskik
- Uit bogenoemde blyk dit dat respondente oor 'n hoë mate van **korrekte** verworwe seksuele inligting beskik.

Vraag 6: Die seksuele kennis waaroor ek beskik is vir my voldoende

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (3) blyk dit dat die meeste nl. 128 respondente (40%) voel dat die seksuele kennis waaroor hulle beskik *gewoonlik* vir hulle voldoende is.
- Die tweede meeste respondente nl. 78 respondente (24%) voel dat die seksuele kennis waaroor hulle beskik *somtyds* vir hulle voldoende is.
- Die derde meeste respondente nl. 56 respondente(18%) voel dat die seksuele kennis waaroor hulle beskik *altyd* vir hulle voldoende is.
- Veertien persent (14%) van die respondente (44 respondente) het aangedui dat die seksuele kennis waaroor hulle beskik *selde* voldoende is.
- Laastens meld 14 respondente (4%) dat die seksuele kennis waaroor hulle beskik nooit voldoende is nie.
- Uit bogenoemde blyk daar 'n hoë mate van **voldoende** verworwe seksuele kennis

by respondente te wees.

Vraag 7: Ek het vrymoedigheid om met my ouers oor seksuele sake te praat

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (4) blyk dit dat 81 respondente (25%) *selde* die vrymoedigheid het om met hulle ouers oor seksuele sake te praat.
- Net so het 79 respondente (25%) *nooit* die vrymoedigheid om met hulle ouers oor seksuele sake te praat nie.
- Derdens meld 63 respondente (20%) dat hulle *somstyd*s die vrymoedigheid het om met hulle ouers oor seksuele sake te praat.
- Vierdens meld 49 (15%) van die respondente dat hulle *altyd* die vrymoedigheid het om met hulle ouers oor seksuele sake te praat.
- Laastens meld 48 respondente (15%) dat hulle *gewoonlik* die vrymoedigheid het om met hulle ouers oor seksuele sake te praat.
- Uit bogenoemde blyk daar 'n hoër mate van **ontoeganklikheid** ten opsigte van die verkryging van seksuele kennis binne gesinsverband te wees.

Vraag 8: My ouers is beskikbaar wanneer ek behoefte het om oor seksuele aangeleenthede te praat.

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (5) blyk dit dat die meeste nl. 115 respondente (36%) voel dat hulle ouers *altyd* beskikbaar is wanneer hulle behoefte het om oor seksuele aangeleenthede te praat.
- Die tweede meeste respondente nl. 84 respondente (26%) het aangedui dat hulle ouers *gewoonlik* beskikbaar is wanneer hulle behoefte het om oor seksuele aangeleenthede te praat.
- Slegs 45 respondente (14%) het aangedui dat hulle ouers *nooit* beskikbaar is wanneer hulle behoefte het om oor seksuele aangeleenthede te praat nie, met 41 respondente (13%) wat *selde* en 35 respondente (11%) wat *somtyd*s beskikbaar is.
- Uit bogenoemde blyk dit dat daar 'n hoër mate van toeganklikheid ten opsigte van die verkryging van seksuele kennis binne gesinsverband is.
- Uit laasgenoemde twee vrae blyk dit dat die respondente weet dat hulle ouers beskikbaar is om oor seksuele aangeleenthede te praat, maar dat hulle nie altyd die vrymoedigheid het om met hulle te praat nie.

Vraag 9: Ek glo maklik wat ander vir my oor seksuele sake sê

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (6) blyk dit dat die meerderheid van die respondente nl. 134 respondente (42%) *selde* glo wat ander vir hulle sê oor seksuele sake.
- Die tweede meeste van die respondente nl. 100 respondente (31%) glo *somtyds* wat ander vir hulle sê oor seksuele sake.
- Slegs 42 respondente(13%) het aangedui dat hulle *gewoonlik* glo wat ander vir hulle sê oor seksuele sake, met 12 % van die respondente (37 respondente) wat *nooit* glo wat ander vir hulle sê oor seksuele sake nie.
- Die minste respondente nl. 7 respondente (2%) het aangedui dat hulle *altyd* glo wat ander vir hulle sê oor seksuele sake.
- Uit bogenoemde blyk daar 'n lae mate van **beïnvloedbaarheid** ten opsigte van seksuele kennis by die respondente te wees.

Vraag 10: Hoeveel weet jy van die volgende seksuele sake?

N = 320


In Tabel 6.6 word die ingeligtheid vs. oningeligtheid van die respondente getabelleer daarna volg 'n kort bespreking van die inligting. In Figuur 6.5 word die mate van ingeligtheid of oningeligtheid ten opsigte van relevante seksuele aangeleenthede grafies voorgestel.

Tabel 6.6: Ingeligtheid ten opsigte van seksuele kenniskomponente

Kenniskomponent	Niks	Bietjie	Redelik	Baie	Besonder baie
Voortplanting	0%	4%	22%	47%	27%
Menstruasie	3%	15%	18%	32%	32%
Masturbasie	8%	22%	30%	28%	12%
“Wet dreams”	14%	27%	29%	22%	8%
“Petting” (Vry)	5%	13%	24%	32%	26%
Seksuele omgang	5%	18%	35%	30%	12%
Homoseksualiteit	10%	22%	38%	23%	7%
Lesbianisme	13%	25%	33%	23%	6%
Prostitusie	8%	23%	31%	30%	8%
Pornografie	6%	26%	33%	22%	13%
Verkragting	1%	11%	33%	40%	15%
Aborsie	3%	22%	33%	28%	14%
Vigs	1%	11%	30%	38%	20%
Seksueel oordraagbare siektes	3%	21%	33%	31%	12%

- Die meeste nl. 154 respondente (47%) het aangedui dat hulle *baie* weet van voortplanting en 85 respondente (27%) *besonder baie*.

Figuur 6.5: Seksuele kenniskomponente



- ‘n Aantal van 104 respondente (32%) het aangedui dat hulle *besonder baie* en 102 respondente (32%) het aangedui dat hulle *baie* weet van menstruasie.
- Die meeste respondente nl 94 respondente (30%) het aangedui dat hulle *redelik* kennis dra van masturbasie. Selfs 27 respondente (8%) het aangedui dat hulle *niks* weet van masturbasie nie.
- Die meerderheid respondente naamlik 91 respondente (29%) het aangedui dat hulle *redelik* en 87 respondente (27%) het aangedui dat hulle ‘n *bietjie* kennis dra van “wet dreams”. ‘n Beduidende aantal respondente naamlik 46 respondente (14%) weet *niks* van “wet dreams” nie.
- Van “petting” het 105 respondente (32%) *baie* van geweet en 83 respondente (26%) *besonder baie*.
- Die meeste respondente nl. 108 respondente (35%) dra *redelik* kennis van seksuele omgang en 97 respondente (30%) het *baie* kennis van seksuele omgang.
- Die meerderheid respondente naamlik 123 respondente (38%) het aangedui dat hulle *redelik* kennis dra van homoseksualiteit. ‘n Totaal van 33 respondente (10%) het aangedui dat hulle *niks* weet van homoseksualiteit nie.
- Die meerderheid respondente weet *redelik* (33%) en *bietjie* (25%) van lesbianisme. Selfs 13% van die respondente het aangedui dat hulle *niks* weet van lesbianisme
- Die meerderheid respondente weet *redelik* (31%) en *baie* (30%) van prostitusie.
- Die meeste respondente dra *redelik* (33%) en *bietjie* (26%) kennis van pornografie.
- Die meeste respondente (40%) dra *baie* kennis van verkragting. Tweede meeste respondente(33%) dra *redelik* kennis van verkragting.
- Die meeste respondente dra *redelik* (33%) en *baie* (28%) kennis van aborsie.
- Meeste respondente dra *redelik* (30%), *baie* (38%) en *besonder baie* (20%) kennis van vigs.
- Die meeste respondente het aangedui dat hulle *redelik* (33%) en *baie* (31%) weet van seksueel oordraagbare siektes.

Uit bogenoemde blyk dit dat die meeste respondente *redelike* tot *baie* kennis het oor al die gegewe kenniskomponente. ‘n Groter behoefte aan kennis met betrekking tot die volgende kenniskomponente bestaan wel: “wet dreams”, homoseksualiteit en lesbianisme.

Vervolgens word die resultate soos uit die assesseringsinstrument verkry, ten opsigte van die respondente se seksuele houding weergegee.

6.5 SEKSUELE HOUDING

Onder seksuele houding word die mate van liberale, moralistiese, positiewe en konsekwente seksuele houding gemeet. Hiermee saam ook die mate van verantwoordelikheid, sekerheid en tevredenheid ten opsigte van seksuele aangeleenthede. Laastens is ook die mate van weerstand teen voorhuwelikse seksuele omgang gemeet. Die resultate wat verkry is in hierdie afdeling word in Figure 6.6 - 6.15 voorgestel en word as volg bespreek.

Vraag 1: Ek voel ongemaklik as daar oor seks gepraat word.

N = 320

- In Figuur 6.6 (1) blyk dit dat 114 respondente (36%) *soms* ongemaklik voel wanneer daar oor seks gepraat word.
- Tweede meeste respondente nl. 109 respondente (34%) voel *partykeer* ongemaklik wanneer oor seks gepraat word.
- Verder blyk dit dat 54 respondente (17%) *nooit*, 33 respondente (10%) *dikwels* en 10 respondente (3%) *altyd* ongemaklik voel as daar oor seks gepraat word.
- Uit bogenoemde blyk dit dat die meeste respondente *soms* ongemaklik voel as daar oor seks gepraat word.


Vraag 2: Ek is skaam om oor seks met my vriende te praat.

N = 320

- In Figuur 6.6 (2) blyk dit dat 111 respondente (35%) *nooit* en 111 respondente (35%) *soms* skaam is om oor seks met hulle vriende te praat.
- Verder blyk dit dat 59 respondente (18%) *partykeer*, 25 respondente (8%) *dikwels* en 14 respondente (4%) *altyd* skaam is om oor seks met hulle vriende te praat.
- Uitbogenoemde blyk dit dat die meeste respondente nie skaam voel om oor seks met hulle vriende te praat nie.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die respondentegroep meer liberaal as konserwatief is ten opsigte van hulle seksuele houding.

Figuur 6.6: Liberale vs. Konservatiewe seksuele houding



Vraag 3: Seks buite die huwelik is verkeerd.

N = 320

- Uit Figuur 6.7 blyk dit dat 248 respondente (77%) *altyd* seks buite die huwelik as verkeerd beskou.
- Verder blyk dit dat 24 respondente (8%) *dikwels*, 21 respondente (7%) *soms*, en 19 respondente (6%) *partykeer* seks buite die huwelik as verkeerd beskou.
- Slegs 8 respondente (2%) beskou seks buite die huwelik as reg.
- Uit bogenoemde blyk dit dat die meerderheid seks buite die huwelik altyd as verkeerd beskou.

Vraag 4: Om met enige iemand seks te hê is verkeerd.

N = 320

- Uit Figuur 6.7 blyk dit dat 171 respondente (53%) *altyd* seks met enige iemand as verkeerd beskou.
- Verder blyk dit dat 45 respondente (14%) *dikwels*, 39 respondente (12%) *partykeer*, 31 respondente (10%) *soms* seks met enige iemand as verkeerd beskou.
- Slegs 34 respondente (11%) beskou dat seks met enige iemand *nooit* verkeerd kan wees nie.
- Uit bogenoemde blyk dit dat die meeste respondente seks met enige iemand as verkeerd beskou.


Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die respondentegroep meer moralisties is in hulle seksuele houding.

Vraag 5: 'n Kondoom moet tydens seksuele omgang gebruik word.


N = 320

- Uit Figuur 6.8 blyk dit dat 56% van die respondente (178 respondente) van mening is dat 'n kondoom *altyd* tydens seksuele omgang gebruik moet word.
- Slegs 23% van die respondente (75 respondente) is van mening dat 'n kondoom *dikwels* tydens seksuele omgang gebruik moet word.
- Verder het 14% van die respondente (44 respondente) gemeld dat 'n kondoom *partykeer* tydens seksuele omgang gebruik moet word.
- Laastens het 5% van die respondente (16 respondente) *soms* en 2% van die respondente (7 respondente) *nooit* aangedui as hoe gereeld 'n kondoom tydens

Figuur 6.7: Moralistiese of lae moralistiese seksuele houding



Figuur 6.8: Kondoom moet tydens seksuele omgang gebruik word



seksuele omgang gebruik moet word.

- Hieruit blyk dit dat die respondente 'n meer verantwoordelike as onverantwoordelike seksuele houding het.

Vraag 6 - 10: Redes waarom in voorhuwelikse seksuele omgang sou betrokke raak

N = 320


- Soos verkry uit die literatuur kan 'n behoefte om selfbeeld te verbeter, groepsdruk, nuuskierigheid, eksperimentering en vrees vir verwerping redes wees vir adolessente om in voorhuwelikse seksuele omgang betrokke te raak. Die mate waarin respondente voor hierdie redes sou swig word in Figuur 6.9 voorgestel.
- Uit Figuur 6.9 blyk dit duidelik dat die meeste respondente nie sommer betrokke sou raak by voorhuwelikse seksuele omgang nie.
- Die meeste respondente nl. 219 respondente (68%) het aangedui dat hulle *nooit* seksueel intiem sal raak omdat dit hulle beter sal laat voel oor hulself nie.
- Die oorgrote meerderheid van respondente nl. 277 respondente (87%) het aangedui dat hulle *nooit* seksueel intiem sal raak omdat die vriende dit van hulle verwag nie.
- Verder het 214 respondente (67%) aangedui dat hulle *nooit* seksueel intiem sal raak omdat hulle nuuskierig is oor seks nie.
- Die meeste respondente nl. 226 respondente (71%) het aangedui dat hulle *nooit* seksueel intiem sal raak omdat hulle wil eksperimenteer met seks nie.
- Laastens het 264 respondente (83%) aangedui dat hulle *nooit* seksueel intiem sal raak omdat hulle bang is vir verwerping nie.

Vraag 11: Seks buite die huwelik met iemand wat jy lief het is reg.


N = 320

- In Figuur 6.10 het die meeste respondente nl. 196 respondente (61%) aangedui dat seks buite die huwelik met iemand wat jy lief het *nooit* reg is nie.
- In die minderheid het 60 respondente (19%) *soms*, 30 respondente (9%) *partykeer*, 16 respondente (5%) *dikwels* en 18 respondente (6%) *altyd* aangedui as respons op seks buite die huwelik met iemand wat jy lief het is reg.

Figuur 6.9: Redes waarom in voorhuwelikse seksuele omgang sou betrokke raak



Figuur 6.10: Weerstand teen voorhuwelikse seksuele omgang



Vraag 12: Seks is bedoel vir die huwelik.

N = 320

- In Figuur 6.10 het die meeste respondente nl. 246 respondente (77%) aangedui dat seks *altyd* bedoel is vir die huwelik.
- Slegs 6 respondente (2%) het *nooit*, 13 respondente (4%) *soms*, 16 respondente (5%) *partykeer* en 39 respondente (12%) *dikwels* aangedui as respons op seks is bedoel vir die huwelik.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die respondentegroep 'n hoë mate van weerstand teen voorhuwelikse seksuele omgang het.

Vraag 13: Ek voel soms verward ten opsigte van seksuele sake.

N = 320


- In Figuur 6.11 blyk dit dat die meeste respondente nl. 140 respondente (43%) voel dat hulle *soms* verward voel ten opsigte van seksuele sake.
- Tweede meeste respondente nl. 96 respondente (30%) het gemeld dat hulle *partykeer* verward voel ten opsigte van seksuele sake.
- Derde meeste respondente nl. 56 respondente (18%) het aangedui dat hulle *nooit* verward voel ten opsigte van seksuele sake.
- Vierdens het 25 respondente (8%) gemeld dat hulle *dikwels* verward voel ten opsigte van seksuele sake.
- Laastens het 3 respondente (1%) aangedui dat hulle *altyd* verward voel ten opsigte van seksuele sake.

Vraag 16: Ek weet wat reg en verkeerd is ten opsigte van seksuele sake.


N = 320

- Uit Figuur 6.12 blyk dit dat die meeste respondente nl. 136 respondente (43%) voel dat hulle *altyd* weet wat reg en verkeerd is van seksuele sake.
- Tweede meeste respondente nl. 119 respondente (37%) het aangedui dat hulle *dikwels* weet wat reg en verkeerd is van seksuele sake.
- Derde meeste respondente nl. 39 respondente (12%) het aangedui dat hulle *partykeer* weet wat reg en verkeerd is van seksuele sake.
- Laastens het 26 respondente (8%) gemeld dat hulle *soms* weet wat reg en verkeerd is van seksuele sake.

Figuur 6.11: Voel soms verward ten opsigte van seksuele aangeleenthede



Figuur 6.12: Weet wat reg en verkeerd is ten opsigte van seksuele sake



- Geen respondent het gemeld dat hulle *nooit* weet wat reg en verkeerd is van seksuele sake nie.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die meeste respondente sekerheid het ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

Vraag 14: Ek verander maklik my siening rondom seksuele sake.

N = 320

- In Figuur 6.13 (1) blyk dit dat die meeste respondente nl. 147 respondente (46%) aangedui het dat hulle *soms* maklik hulle siening rondom seksuele sake verander.
- Tweede meeste respondente nl. 85 respondente (27%) het gemeld dat hulle *nooit* maklik hulle siening rondom seksuele sake verander nie.
- Derde meeste respondente nl. 64 respondente (20%) het gemeld dat hulle *partykeer* maklik hulle siening rondom seksuele sake verander.
- Vierde meeste respondente nl. 18 respondente (6%) het aangedui dat hulle *dikwels* maklik hulle siening rondom seksuele sake verander.
- Slegs 6 respondente (2%) het aangedui dat hulle *altyd* maklik hulle siening rondom seksuele sake verander.


Vraag 17: Ek het al my eie seksuele reëls oortree.

N = 320

- Uit Figuur 6.13 (2) blyk dit dat die meeste respondente nl. 233 respondente (73%) aangedui het dat hulle nog *nooit* hulle eie seksuele reëls oortree het nie.
- Tweede meeste respondente nl. 44 respondente (14%) het aangedui dat hulle *soms* hulle eie seksuele reëls oortree het.
- Derde meeste respondente nl. 21 respondente (7%) het gemeld dat hulle *partykeer* hulle eie seksuele reëls oortree.
- Laastens het 11 respondente (3%) *dikwels* en 11 respondente (3%) *altyd* aangedui as respons op of hulle al hul eie seksuele reëls oortree het.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die respondente meer konsekwent as inkonsekwent in hulle seksuele houding is.

Figuur 6.13: Konsekwente vs. Inkonsekwente seksuele houding



1 = Verander maklik seksuele siening, 2 = Het al eie seksuele reëls oortree

Vraag 15: Seks is aaklig.

N = 320

- Uit Figuur 6.14 blyk dit dat die meeste respondente nl. 144 respondente (45%) het gemeld dat seks *nooit* aaklig is nie.
- Tweede meeste respondente nl. 87 respondente (27%) het aangedui dat seks soms aaklig is.
- Derde meeste respondente nl. 60 respondente (19%) het aangedui dat seks *partykeer* aaklig is.
- Vierdens het 18 respondente (6%) aangedui dat seks *dikwels* aaklig is.
- Laastens het 11 respondente (3%) aangedui dat seks altyd aaklig is.
- Met bogenoemde in aggeneem blyk dit dat die respondente 'n positiewe houding ten opsigte van seks het.

Vraag 18: Ek is tevrede met my seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.

N = 320


- Uit Figuur 6.15 (1) blyk dit dat die meeste respondente nl. 127 respondente (40%) aangedui het dat hulle *altyd* tevrede is met hulle seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.
- Tweedens het 93 respondente (29%) aangedui dat hulle *dikwels* tevrede is met hulle seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.
- Derdens het 48 respondente (15%) gemeld dat hulle *partykeer* tevrede is met hulle seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.
- Vierdens het 37 respondente (11%) aangedui dat hulle *soms* tevrede is met hulle seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.
- Laastens het 15 respondente (5%) gemeld dat hulle *nooit* tevrede is met hulle seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag nie.

Vraag 19: Ek is die meeste van die tyd gelukkig omdat ek 'n seun/dogter is.


N = 320

- Die meeste respondente nl. 221 respondente (70%) het aangedui dat hulle *altyd* gelukkig is omdat hulle 'n seun of dogter is. (Sien Figuur 6.15 (2)).
- Tweedens het 67 respondente (21%) aangedui dat hulle *dikwels* gelukkig is omdat hulle 'n seun of dogter is.
- Derdens het 18 respondente (6%) gemeld dat hulle *partykeer* gelukkig is omdat

Figuur 6.14: Positiewe vs. Negatiewe seksuele houding: Seks is aaklig



Figuur 6.15: Teveredenheid vs. Ontevredenheid ten opsigte van seksuele aangeleenthede



hulle 'n seun of dogter is.

- Vierdens het 11 respondente (3%) aangedui dat hulle *soms* gelukkig is omdat hulle 'n seun of dogter is.
- Laastens het 3 respondente (1%) gemeld dat hulle *nooit* gelukkig is omdat hulle 'n seun of dogter is nie.

Vraag 20: Ek voel deel van my sosiale vriendekring.

N = 320

- In Figuur 6.15 (3) meld die meeste respondente nl. 182 respondente (57%) dat hulle *altyd* deel voel van hulle sosiale vriendekring.
- Tweedens het 95 respondente (29%) gemeld dat hulle *dikwels* deel voel van hulle sosiale vriendekring.
- Derdens het 31 respondente (10%) gemeld dat hulle *partykeer* deel voel van hulle sosiale vriendekring.
- Vierdens het 12 respondente (4%) gemeld dat hulle deel voel van hulle sosiale vriendekring.
- Laastens het geen respondent aangedui dat hulle *nooit* deel voel van hulle sosiale vriendekring nie.

Uit bogenoemde drie vrae blyk dit dat die respondentegroep 'n hoë mate van tevredenheid ervaar ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

Vervolgens word die resultate soos uit die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument verkry, ten opsigte van die respondente se seksuele gedrag, weergegee.

6.6 SEKSUELE GEDRAG

Onder seksuele gedrag word die faktore wat seksuele gedrag beïnvloed, sistemiese beïnvloeding en mate van verwardheid tydens identiteitsontwikkeling gemeet. Hiermee saam ook die mate van verantwoordelike -, konserwatiewe -, afwykende -, positiewe seksuele gedrag en tevredenheid ten opsigte van seksuele gedrag. Die resultate wat verkry is in hierdie afdeling word in Figure 6.16- 6.20 voorgestel en word as volg bespreek

Vraag 1: Ek voel onseker oor myself

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (1) blyk dit dat 139 respondente (43%) *soms* onseker voel oor hulleself.
- Tweedens meld 91 respondente (28%) dat hulle *partykeer* onseker voel oor hulleself.
- Derdens dui 58 respondente (18%) aan dat hulle *nooit* onseker voel oor hulleself nie.
- Vierdens meld 29 respondente (9%) dat hulle *dikwels* onseker voel oor hulleself.
- Laastens meld 3 respondente (1%) dat hulle *altyd* onseker voel oor hulleself.

Vraag 2: Ek hou van my fisiese voorkoms.

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (2) blyk dit dat 105 respondente (33%) *dikwels* hou van hulle fisiese voorkoms.
- Tweedens blyk dit dat 81 respondente (25%) *partykeer* hou van hulle fisiese voorkoms.
- Derdens dui 73 respondente (23%) aan dat hulle *soms* hou van hulle fisiese voorkoms.
- Vierdens meld 42 respondente (13%) dat hulle *altyd* hou van hulle fisiese voorkoms.
- Laastens meld 19 respondente (6%) dat hulle *nooit* hou van hulle fisiese voorkoms nie.


Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die meeste respondente soms onseker is oor hulleself en dikwels hou van hulle fisiese voorkoms.

Vraag 3: My ouers se opinie is vir my belangrik.

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (3) blyk dit dat 108 respondente (34%) *dikwels* hulle ouers se opinie as belangrik ag.
- Tweedens dui 91 respondente (28%) aan dat hulle *altyd* hulle ouers se opinie as belangrik ag.
- Derdens dui 55 respondente (17%) aan dat hulle *partykeer* hulle ouers se opinie as

Figuur 6.16: Sistemiese beïnvloedingsfaktore ten opsigte van seksuele gedrag



belangrik ag.

- Vierdens meld 45 respondente (14%) dat hulle *soms* hulle ouers se opinie as belangrik ag.
- Laastens meld 21 respondente (7%) dat hulle nooit hulle ouers se opinie as belangrik ag nie.

Vraag 4: Ek wil graag 'in' wees by my vriende.

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (4) blyk dit dat 83 respondente (26%) dat hulle *dikwels* voel dat hulle graag 'in' wil wees by hulle vriende.
- Tweedens meld 82 respondente (26%) *partykeer* voel dat hulle graag 'in' wil wees by hulle vriende.
- Derdens dui 70 respondente (22%) aan dat hulle *soms* voel dat hulle graag 'in' wil wees by hulle vriende.
- Vierdens meld 62 respondente (19%) dat hulle *altyd* voel dat hulle graag 'in' wil wees by hulle vriende.
- Laastens blyk dit dat 23 respondente (7%) voel dat hulle graag 'in' wil wees by hulle vriende.

Vraag 5: Dit is vir my belangrik wat my vriende doen.

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (5) blyk dit dat 81 respondente (25%) dat dit *dikwels* belangrik is wat hulle vriende doen.
- Tweede meeste respondente nl. 77 respondente (24%) het aangedui dat dit *partykeer* belangrik is wat hulle vriende doen.
- Derdens meld 74 respondente (23%) dat dit *altyd* belangrik is wat hulle vriende doen.
- Vierdens dui 62 respondente (20%) aan dat dit *soms* belangrik is wat hulle vriende doen.
- Laastens meld 26 respondente (8%) dat dit *nooit* belangrik is wat hulle vriende doen nie.

Vraag 6: Hoe dikwels beïnvloed mense se verwagtings van jou, jou seksuele optrede.

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (6) blyk dit dat 144 respondente (45%) voel dat mense se verwagtings van hulle, *nooit* hulle seksuele optrede beïnvloed nie.
- Tweedens meld 108 respondente (34%) dat mense se verwagtings van hulle, *soms* hulle seksuele optrede beïnvloed.
- Derdens dui 52 respondente (16%) aan dat mense se verwagtings van hulle, *partykeer* hulle seksuele optrede beïnvloed.
- Vierdens meld 14 respondente (4%) dat mense se verwagtings van hulle, *dikwels* hulle seksuele optrede beïnvloed.
- Laastens blyk dit dat 2 respondente (1%) voel dat mense se verwagtings van hulle, *altyd* hulle seksuele optrede beïnvloed.


Vraag 3 - 6 meet die sistemiese beïnvloedingsfaktore ten opsigte van seksuele gedrag by die adolessent. Uit bogenoemde blyk dit dat die verhouding tot die mikro-sisteem, naamlik die gesin, 'n belangrike invloed het op die meeste respondente. Verhouding tot die meso-sisteem, naamlik die portuurgroep blyk ook 'n relatiewe belangrike invloed te hê op die respondente. Laastens blyk dit dat die verhouding tot die makro-sisteem, naamlik die gemeenskap, nie so 'n groot invloed op die respondente het nie.

Vraag 7: In watter mate soen en hou jy en jou spesiale vriend/in hande vas?

N = 320

- Uit Figuur 6.17 (1) blyk dit dat 90 respondente (28%) *dikwels* hulle spesiale vriend/in soen en mee hande vas hou.
- Tweede meeste respondente nl. 65 respondente (20%) meld dat hulle *partykeer* hulle spesiale vriend/in soen en mee hande vas hou.
- Derdens meld 59 respondente (19%) *soms* hulle spesiale vriend/in soen en mee hande vas hou.
- Vierdens dui 57 respondente (18%) aan dat hulle *nooit* hulle spesiale vriend/in soen of mee hande vas hou nie.
- Laastens meld 49 respondente (15%) dat hulle *altyd* hulle spesiale vriend/in soen en mee hande vas hou.

Figuur 6.17: Liberale vs. Konservatiewe seksuele gedrag



Vraag 8: In watter mate betas jy jou spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere?

N = 320

- Uit Figuur 6.17 (2) blyk dit dat 208 respondente (65%) *nooit* hulle spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere betas nie.
- Tweedens meld 47 respondente (15%) dat hulle *soms* hulle spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere betas.
- Derde meeste respondente nl. 38 respondente (12%) dui aan dat hulle *partykeer* hulle spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere betas.
- Vierdens dui 19 respondente (6%) aan dat hulle *dikwels* hulle spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere betas.
- Laastens meld 8 respondente (3%) dat hulle *altyd* hulle spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere betas.

Vraag 9: In watter mate betas jy jou spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere?

N = 320

- Uit Figuur 6.17 (3) blyk dit dat 246 respondente (77%) *nooit* hulle spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere betas nie.
- Tweedens meld 36 respondente (11%) dat hulle *soms* hulle spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere betas.
- Derdens dui 18 respondente (6%) aan dat hulle *partykeer* hulle spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere betas.
- Vierdens meld 13 respondente (4%) dat hulle *dikwels* hulle spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere betas.
- Laastens meld 7 respondente (2%) dat hulle *altyd* hulle spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere betas.

Vraag 13: Hoe dikwels tree jy seksueel uitlokkend op?

N = 320

- Uit Figuur 6.17 (4) blyk dit dat 133 respondente (41%) *nooit* seksueel uitlokkend optree nie.
- Tweedens blyk dit dat 117 respondente (37%) *soms* seksueel uitlokkend optree.
- Derdens meld 48 respondente (15%) dat hulle *partykeer* seksueel uitlokkend

optree.

- Vierdens dui 19 respondente (6%) aan dat hulle *dikwels* seksueel uitlokkend optree.
- Laastens meld 3 respondente (1%) dat hulle *altyd* seksueel uitlokkend optree.

Vraag 14: Hoe dikwels maak jy fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag?

N = 320

- Uit Figuur 6.17 (5) blyk dit dat 91 respondente (28%) *dikwels* fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag maak.
- Tweedens meld 81 respondente (25%) dat hulle *soms* fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag maak.
- Derdens blyk dit dat 74 respondente (23%) *partykeer* fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag maak.
- Vierdens meld 53 respondente (17%) dat hulle *nooit* fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag maak nie.
- Laastend meld 21 respondente (7%) dat hulle *altyd* fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag maak.


Vraag 7 - 9 en vraag 13,14 meet die liberale vs. konserwatiewe seksuele gedrag by die adolessent. Uit bogenoemde blyk dit dat die meeste respondente hulle spesiale vriend/in sal soen en hand vas hou, maar betasting van die privaatdele bo-oor of onder die klere is nie aanvaarbaar nie. Verder blyk dit dat die meeste respondente hulle nie begewe in seksueel uitlokkende gedrag nie. Die meeste respondente maak partykeer fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag. Samevattend blyk dit dat die respondente se seksuele gedrag meer konserwatief is.

Vraag 10: Hoe dikwels masturbeer (selfbevrediging) jy?

N = 320

- Uit Figuur 6.18 (1) blyk dit dat die meeste respondente nl. 173 respondente (54%) nooit masturbeer nie.
- Tweedens dui 76 respondente (24%) aan dat hulle *soms* masturbeer.
- Derdens dui 41 respondente (13%) aan dat hulle *partykeer* masturbeer.
- Vierdens meld 21 respondente (6%) dat hulle *dikwels* masturbeer.
- Laastens meld 9 respondente (3%) dat hulle *altyd* masturbeer.

Figuur 6.18: Afwykende vs. Kontekstuele aanvaarbare seksuele gedrag



Vraag 15: Hoe dikwels voel jy seksueel aangetrokke tot dieselfde geslag?

N = 320

- Verder uit Figuur 6.18 (2) blyk dit dat die meeste respondente nl. 224 respondente (70%) *nooit* seksueel aangetrokke voel tot dieselfde geslag nie.
- Tweedens meld 32 respondente (10%) dat hulle *soms* seksueel aangetrokke voel tot dieselfde geslag.
- Derdens meld 29 respondente (9%) dat hulle *partykeer* seksueel aangetrokke voel tot dieselfde geslag.
- Vierdens dui 24 respondente (8%) aan dat hulle dikwels seksueel aangetrokke voel tot dieselfde geslag.
- Laastens dui 11 respondente (3%) aan dat hulle altyd seksueel aangetrokke voel tot dieselfde geslag.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die meeste respondente kontekstueel aanvaarbare seksuele gedrag toon.

Vraag 11: In watter mate het jy seksuele omgang?

N = 320


- Uit Figuur 6.19 (1) blyk dit dat die meeste respondente nl. 258 respondente (81%) nog *nooit* seksuele omgang gehad het nie.
- Tweedens meld 30 respondente (9%) dat hulle *soms* seksuele omgang het.
- Derdens meld 17 respondente (5%) dat hulle *partykeer* seksuele omgang het.
- Vierdens meld 10 respondente (3%) dat hulle *dikwels* seksuele omgang het.
- Laastend meld 5 respondente (2%) dat hulle *altyd* seksuele omgang het.

Vraag 12: Is dit vir jou belangrik om tydens seksuele omgang van 'n kondoom gebruik te maak?

N = 320

- Verder blyk dit uit Figuur 6.19 (2) dat die meeste respondente nl. 233 (73%) voel dat dit *altyd* belangrik is om 'n kondoom tydens seksuele omgang te gebruik.
- Tweedens meld 30 respondente (9%) dat dit *dikwels* belangrik is om 'n kondoom tydens seksuele omgang te gebruik.
- Derdens meld 23 respondente (7%) dat dit *partykeer* belangrik is om 'n kondoom tydens seksuele omgang te gebruik.

Figuur 6.19: Verantwoordelike vs. Onverantwoordelike seksuele gedrag



- Vierdens voel 13 respondente (4%) dat dit *soms* belangrik is om 'n kondoom tydens seksuele omgang te gebruik.
- Laastens voel 21 respondente (7%) dat dit *nooit* belangrik is om 'n kondoom tydens seksuele omgang te gebruik nie.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die meeste respondente 'n hoë mate van verantwoordelikheid aanvaar ten opsigte van hulle seksuele gedrag.

Vraag 16: Hoe dikwels voel jy skuldig oor jou seksuele gedrag?

N = 320


- Uit Figuur 6.20 (1) blyk dit dat die meeste respondente nl. 151 respondente (47%) *nooit* skuldig voel oor hulle seksuele gedrag nie.
- Tweedens meld 107 respondente (33%) dat hulle *soms* skuldig voel oor hulle seksuele gedrag.
- Derde meeste meld 46 respondente (14%) dat hulle *partykeer* skuldig voel oor hulle seksuele gedrag.
- Vierde meeste meld 13 respondente (4%) dat hulle *dikwels* skuldig voel oor hulle seksuele gedrag.
- Laastend meld 3 respondente (1%) dat hulle *altyd* skuldig voel oor hulle seksuele gedrag.

Vraag 17: In hoë mate ervaar jy probleme met ander persone weens jou seksuele optrede?

N = 320

- Verder uit Figuur 6.20 (2) blyk dit dat die meeste respondente nl. 194 respondente (61%) *nooit* probleme ervaar met ander persone weens hulle seksuele gedrag nie.
- Tweedens meld 82 respondente (26%) dat hulle *soms* probleme ervaar met ander persone weens hulle seksuele gedrag.
- Derde meeste meld 33 respondente (10%) dat hulle *partykeer* probleme ervaar met ander persone weens hulle seksuele gedrag.
- Vierdens meld 9 respondente (3%) dat hulle *dikwels* probleme ervaar met ander persone weens hulle seksuele gedrag.
- Laastens meld 2 respondente (1%) dat hulle *altyd* probleme ervaar met ander persone weens hulle seksuele gedrag.

Figuur 6.20: Positiewe of negatiewe gevolge weens seksuele gedrag



Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die meeste respondente nie negatiewe gevolge ervaar weens hulle seksuele gedrag nie.

Vraag 18: Hoe dikwels is jy tevrede met jou seksuele gedrag?

N = 320

Tabel 6.7: Tevredenheid met seksuele gedrag

	Frekwensie	Persentasie
Nooit	19	6%
Soms	60	19%
Partykeer	54	17%
Dikwels	97	30%
Altyd	90	28%
<i>Totaal</i>	<i>320</i>	<i>100%</i>

- Uit Tabel 6.7 blyk dit dat die meeste respondente nl. 97 respondente (30%) *dikwels* tevrede is met hulle seksuele gedrag.
- Tweedens het 90 respondente (28%) gemeld dat hulle *altyd* tevrede is met hulle seksuele gedrag.
- Derdens het 60 respondente (19%) aangedui dat hulle *soms* tevrede is met hulle seksuele gedrag.
- Vierdens het 54 respondente (17%) aangedui dat hulle *partykeer* tevrede is met hulle seksuele gedrag.
- Laastens het 19 respondente (6%) aangedui dat hulle *nooit* tevrede is met hulle seksuele gedrag.
- Hieruit blyk dit dus dat daar 'n hoër mate van tevredenheid as ontevredenheid is ten opsigte van die respondente se seksuele gedrag.

6.7 SEKSUELE AKTIWITEIT

N = 320

In Tabel 6.8 is die uiteensetting van die respondente se respons op in watter mate hulle seksueel aktief is.

Tabel 6.8: Seksuele aktiwiteit

Aantal seksuele maats vir elke respondent	Aantal respondente	Van dieselfde geslag	Teenoorgestelde geslag
Geen	276	316	280
1	28	3	25
2 - 4	12	0	12
5 - 7	1	0	1
8 - meer	3	1	2
<i>N=320</i>	<i>320</i>	<i>320</i>	<i>320</i>

Uit Tabel 6.8 blyk dit dat 44 respondente (14%) seksueel aktief is. Van dié respondente het 4 respondente (1%) seksuele omgang gehad met iemand van dieselfde geslag en 40 respondente (13%) met die teenoorgestelde geslag.

Van die 44 respondente wat seksueel aktief is het hulle as volg van voorbehoedmiddels gebruik gemaak:

Tabel 6.9: Gebruik van voorbehoedmiddels

Skaal	Nooit	Soms	Partykeer	Dikwels	Altyd
Aantal	8	6	4	5	21
Persentasie	18%	14%	9%	11%	48%

Uit Tabel 6.9 blyk dit dat 48% van die seksueel aktiewe respondente wel van voorbehoedmiddels gebruik maak. Die res nie altyd nie, selfs 18% wat nooit voorbehoedmiddels gebruik nie.

6.8 SAMEVATTING

In hoofstuk ses is die navorsingsdata verwerk en geïnterpreteer. Die navorsingsbevindinge is in ooreenstemming met die formaat van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument aangebied. Vervolgens kan in hoofstuk sewe gefokus word op die gevolgtrekkings vanuit die studie. Tweedens word daar gefokus op aanbevelings en derdens sal die waarde van die studie vir die maatskaplike werk professioneel aandag geniet.

HOOFSTUK 7

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

Hierdie studie het voortgespruit uit die behoefte na 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument, om die seksuele kennis, - houding en - gedrag van die adolessent te assesser ten einde 'n spesifieke seksuele voorligtingsprogram wat in die betrokke kliëntsisteem se behoeftes sal voorsien, te ontwerp. In hierdie hoofstuk word daar gevolglik 'n uiteensetting gegee van gevolgtrekkings, aanbevelings en waarde van die studie soos gebaseer op die totale navorsingstudie.

7.2 GEVOLGTREKKINGS

Gevolgtrekkings word geformuleer ten opsigte van die bereiking van doel en doelwitte, empiriese resultate en aanname van die studie.

7.2.1 Doel van die studie

Die doel van die studie was om 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument te ontwikkel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kon assesser. Die bereiking hiervan is vereenvoudig deur die volgende doelwitte te stel:

- Om vanuit die Model van Rothman en Thomas, die Sisteemteorie en Erikson se Egosiëlkundige teorie, 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie daar te stel.
- Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel wat die aard van die adolessent se ontwikkeling asook sy seksuele kennis, - houding en -gedrag is.
- Om, gefundeer vanuit die literatuurstudie, 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van die adolessent kan assesser, te ontwikkel.
- Om vanuit die bevindings van die resultate, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak, met die oog op die ontwikkeling van 'n seksuele voorligtingsprogram vir adolessente.

Vervolgens word die afsonderlike doelwitte bespreek, asook die mate waarin dit bereik is.

7.2.2 Doelwit 1: Daarstel van 'n breë teoretiese verwysingsraamwerk vir studie

Die keuse van een geskikte teoretiese fundering vir die konseptualisering van die begrippe, seksualiteit en adolessensie asook vir die ontwikkeling van tegnologie wat 'n spesifieke teikengroep kan assesseer, was glad nie maklik nie. Daarom is dan besluit om eerder gebruik te maak van die Model van Rothman en Thomas, die sisteemteorie asook Erikson se Egosielkundige teorie om as breë teoretiese verwysingsraam vir die studie te dien.

Die model van Rothman en Thomas is geselekteer as deel van die teoretiese fundering van die studie aangesien die doel van die navorsing was om 'n nuwe menslike *diensleweringstegnologie* te ontwikkel, deur die *ontwikkeling* van 'n diensleweringsoelwit, naamlik 'n *nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument*. Die aard en inhoud van dié model het hom goed tot hierdie doel geleen.

Die sisteemteorie is as geskikte teorie geselekteer omrede dit 'n gedetailleer teoretiese fundering bied waarvan die kompleksiteit van adolessensie en seksualiteit verduidelik word in terme van die verhouding tussen die sisteme, en die elemente binne die sisteem. Die aard, inhoud en waarde van die sisteemteorie is volledig in hoofstuk 2 bespreek.

In die bestudering van die sisteemteorie het dit duidelik geword dat die adolessent beskou kan word as 'n sisteem met *grense*, hetsy *oop* of *geslote*, dit hang af van die individu se openheid om informasie en energie in en uit te laat vloei. Die adolessentsisteem maak ook deel uit van 'n *hierargie* van sisteme, so is die adolessent onder andere deel van 'n skoolsisteem en gesinsisteem. Die adolessentsisteem het ook subsisteme naamlik die adolessent se fisiese-, psigo-sosiale, morele-, emosionele-, seksuele- en kognitiewe ontwikkeling.

Tussen al hierdie sisteme en subsisteme wat met die adolessentsisteem in kontak is, vind daar interaksie plaas. So is onder andere die adolessentsisteem se fisiese ontwikkeling, morele ontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling, die gesinsisteem, skoolsisteem en media as sisteem *transaksioneel* weens die interaksie wat tussen die sisteme plaasvind. *Terugvoer* word ook gegee as aksie in respons op inkomende informasie wat verwys na die seksuele gedrag van die adolessentsisteem.

Dit is onmoontlik vir die adolessentsisteem om staties te bly. Daarom is die adolessentsisteem voortdurend in die proses van *verandering*. Die adolessentsisteem kan egter nie aanhoudend verander nie, maar moet ook 'n *homeostase* of *ekwilibrium* handhaaf. Die adolessentsisteem sal hierdie *stabiliteit* en patroon probeer handhaaf deur te selekteer watter stimuli van buite opgeneem sal word, dit organiseer en 'n poging aanwend tot interne orde. Hiermee word bedoel dat 'n *wederkerige* verhouding tussen alle dele van 'n sisteem bestaan. Dus moet die hele adolessentsisteem ondersoek word en nie net 'n onderdeel nie. Die seksuele ontwikkeling van die adolessent kan dus nie losstaande nagevors word nie, maar in konteks van die adolessent se hele ontwikkeling. Daarom is die adolessent se seksuele ontwikkeling in terme van die adolessent se seksuele kennis, -gedrag en -houding ten opsigte van seksualiteit geassesseer

Die egosiëlkundige teorie van Erikson plaas die adolessentefase in konteks binne die totale lewensloop van die mens. Dit verduidelik ook watter lewenskrisis die adolessent beleef, naamlik 'n identiteitskrisis. In die bestudering van Erikson se teorie het dit duidelik geword dat die adolessent se seksuele kennis, -houding en -gedrag beïnvloed word deur die adolessent se identiteit en andersom. Indien die adolessent hulp verkry ten opsigte van sy seksuele ontwikkeling kan dit 'n positiewe effek hê in die adolessent se soektog na sy identiteit. Selfs indien die adolessent 'n goeie identiteit het sal dit 'n positiewe gevolg hê op die adolessent se seksuele ontwikkeling.

Samevattend kan gemeld word dat hierdie seleksie van teorieë suksesvol was. Die model van Rothman en Thomas het 'n raamwerk gegee vir die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument. Die sisteemteorie en die egosiëlkundige teorie van Erikson het die fokus daarop geplaas dat die seksuele ontwikkeling van die adolessent binne konteks van die adolessent se hele ontwikkeling nagevors moet word en meer spesifiek dat die adolessent se identiteit ontwikkel en seksuele ontwikkeling daardeur beïnvloed kan word.

7.2.3 Doelwit 2: Literatuurstudie ten einde die aard van die adolessent se ontwikkeling vas te stel.

In die bestudering van literatuur is die aard van die vroeë adolessent se ontwikkeling asook sy seksuele kennis, -houding en -gedrag vasgestel. Dit is belangrik dat oor 'n goeie agtergrondskennis van die ontwikkeling van die adolessent beskik moet word sodat die

adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag binne konteks van die adolessent se totale adolessentwees beskou kan word. Die aard, inhoud en waarde van die verskeie ontwikkelingsareas van die adolessent is volledig in hoofstuk 3 bespreek.

Vanuit die literatuur wat gehandel het oor die ontwikkeling van die vroeë adolessent is vasgestel dat die ontwikkelingsareas nl. fisiese -, psigososiale -, kognitiewe -, morele - en emosionele ontwikkeling die adolessent se seksuele ontwikkeling beïnvloed. Tydens die adolessent se fisiese ontwikkeling gaan hy deur 'n geweldige fisiese ontwikkeling van vinnige liggaamlike groei, hormoonveranderinge, toenemende seksuele behoeftes, die ontwikkeling van primêre geslagskenmerke tot geslagsrypheid. So ook beïnvloed die fisiese ontwikkeling van die adolessent sy identifikasie met sy rol as man of haar rol as vrou (Thom, 1991:401 en Newman & Newman, 1997:642).

Psigososiale ontwikkeling handel oor identiteitsontwikkeling (sien verband met Erikson se egosielkundige teorie), sosiale ontwikkeling en die emosies wat daarmee gepaardgaan (Seifert & Hoffnung, 1991). Daar is bevind dat die adolessent onder andere selfbeeld ontwikkeling deurmaak asook 'n geslagsrolidentiteit probeer vorm (Thom, 1991:459). Indien die adolessent probleme ervaar met die identiteitsontwikkeling bestaan die moontlikheid dat 'n adolessent in afwykende seksuele gedrag betrokke kan raak. Die adolessent se sosiale ontwikkeling is van kardinale belang vir die adolessent se vermoë om in verhouding met ander mense te staan en dan veral in 'n intieme seksuele verhouding (Newton, 1995:83-84).

Kognitiewe ontwikkeling is belangrik vir die ontwikkeling van verskeie ander ontwikkelingsareas soos die psigososiale -, morele - en emosionele areas van ontwikkeling. Kognitiewe ontwikkeling het ook 'n kritiese invloed op die adolessent se seksuele ontwikkeling. Daar vind 'n verhoging in die adolessent se selfbewustheid plaas (Newton, 1995:42). Die adolessent is ook in staat om abstrak te dink, met ander woorde, dat hy oorsaak en gevolg met mekaar in verband kan bring en sodoende in staat gestel word om verantwoording vir sy seksuele dade te doen (Esterhuizen, 1991:69).

Tydens die adolessent se morele ontwikkeling neem die adolessent verantwoordelikheid om sy eie waardesisteem te bepaal (Thom, 1991:427). Huidiglik is die volgende waardes van belang: respek vir die individu ongeag ras, geloof of geslag; 'n bewustheid van sosiale

verantwoordelikheid; en eerlikheid in interpersoonlike verhoudings. Wedywering en materialisme word oor die algemeen deur die adolessent geringer geag as geestelike waardes. Tog is adolessente minder kerkgebonde, maar nie noodwendig minder gelowig nie (Thom, 1991: 432).

Die adolessent se emosionele toestand word dikwels as wispelturig beskryf. Die adolessent word bewus van 'n groter differensieerde reeks van emosies en word die taak opgelê om al die emosies te intreperteer en te aanvaar. Die belangrikheid van emosionele behoeftes en hulle verband tot seksuele gedrag by die adolessent kan nie oorsien word nie. Adolessente kan opsoek wees na affeksie, probeer om selfagting te verhoog, verligting van eensaamheid, bevestig seksuele identiteit, vlug van verveeldheid of uiting gee aan woede deur seksuele aktiwiteite (Newman, 1997:653-656).

In die bestudering van die literatuur ten opsigte van seksuele ontwikkeling is besef dat dit 'n geweldige komplekse aspek van die ontwikkeling van die adolessent is. Behalwe vir wat binne die sisteem gebeur, is daar ook verskeie ander sisteme wat dit beïnvloed. Die konsep seksuele ontwikkeling is opgebreek in die konstrakte: Seksuele kennis, -houding en -gedrag. Seksuele kennis omsluit die oorsprong en aard van seksuele kennis waaroor die adolessent moet beskik, die vernaamste kenniskomponente waaroor die adolessent moet beskik en die implikasie van korrekte, inkorrekte sowel as gebrekkige seksuele kennis. Die vernaamste kenniskomponente is die manlike - en vroulike voortplantingstelsel, menstruasie, masturbasie, "wet dreams", "petting", seksuele omgang, homoseksualiteit, lesbianisme, prostitusie, pornografie, verkragting, aborsie, vigs en ander seksueel oordraagbare siektes (Fenwick & Walker, 1994:9-86 en Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:A-1 - N-8).

In die bestudering van die konsep, seksuele houding, is onder andere bevind dat dit deel uitmaak van die adolessent se vorming van sy identiteit (Moore en Rosenthal, 1993:30). Indien die adolessent konflik ervaar in die integrasie van seksuele waardes en toepaslike seksuele gedrag, dra dit by tot identiteitsverwarring. Verder is bevind dat hedendaagse adolessente gemakliker is met betrekking tot seksuele aangeleenthede en dat dogters meer moralities is as seuns (Cummings, 1995:183; Stemmet, 1982:188-189; Bodibe, 1994:184). Die adolessente is egter onverantwoordelik as dit kom by die gebruik van kontrasepsie (Seydel, 1992:85). Ten opsigte van voorhuwelikse geslagsgemeenskap blyk dit dat seuns

voorhuwelikse seksuele ondervinding moet hê terwyl dogters as maagde in die huwelik moet tree (Moore en Rosenthal, 1993:11). Die adolessente dogter se houding teenoor aborsie is dat die baba eerder gehou wil word as abortasie, maar tog moet aborsie vrylik beskikbaar wees (Seydel, 1992:165). Die ontstaan, die aard en die faktore wat seksuele houding beïnvloed sowel as die implikasie van 'n positiewe en negatiewe seksuele houding word in hoofstuk 4 volledig bespreek.

In die bestudering van die literatuur oor seksuele gedrag van die adolessent is bevind dat die adolessent se identiteitsontwikkeling 'n kardinale invloed het op die adolessent se seksuele gedrag. Daarom dan behoort die adolessent bygestaan te word in die formulering van sy geslagsrolidentiteit asook in die bou van verhoudings (Harrison en Pennell, 1989:41). Die aard van seksuele gedrag, maatskaplike problematiek, samelewingstendense sowel as redes vir afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag word volledig in hoofstuk 4 bespreek. Wat wel sterk navore gekom het, is dat adolessente seksueel aktief is en nie van die nodige kontrasepsie gebruik maak nie (Bodibe, 1994:156). Alhoewel seks en seksuele gevoelens nie op sigself skadelik is nie, kan afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag onvermydelik lei tot maatskaplike problematiek wat selfs die dood kan beteken.

Samevattend kan gemeld word dat die doelwit wel bereik is omrede die literatuurstudie 'n volledig profiel van die adolessent se totale ontwikkeling weergegee het.

7.2.4 Doelwit 3: Ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument

Ten einde 'n effektiewe seksuele voorligtingsprogram saam te stel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kan aanspreek is dit belangrik dat genoemde komponente vooraf deeglik geassesseer word. Ten einde die seksuele kennis, - houding en - gedrag van die adolessent te meet en te ontleed, is daar van Faul (1995:35) se proses vir die ontwikkeling van skale gebruik gemaak ten einde 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument te ontwikkel. Faul se model het hom goed tot hierdie doel geleen. Omrede die assesseringsinstrument 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument is, was van die aktiwiteite nie nodig gewees om deur te voer nie, soos onder andere die berekening van die standaardfout van meting en die vasstel van kliniese afsnypunte.

In die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument is uit 'n lys van indikatore 'n vraelys, bestaande uit 76 items, ontwikkel. Die indikatore is vanuit die teoretiese verwysingsraamwerk en die literatuurstudie bepaal. Afdeling A van die vraelys het uit vrae bestaan wat gerig is op die inwin van biografiese gegewens. Afdeling B, C, D en E was gerig op die inwin van data respektiewelik rakende die adolessent se seksuele kennis, -houding en -gedrag. Die items het hoofsaaklik 'n vyfpunt-intensiteitskaal bevat.

Navorsers is tevrede met die assesseringsinstrument en dat dit meet wat dit veronderstel is om te meet. Dit voorsien die gebruiker van die instrument van 'n volledige profiel rakende die seksuele kennis, -houding en -gedrag van die adolessent wat dan dienoooreenkomstig gebruik kan word vir verdere intervensie. Vervolgens dan 'n opsomming van die empiriese resultate soos verkry uit die empiriese toetsing van die assesseringsinstrument.

7.2.5 Empiriese resultate

Uit die empiriese toetsing van die assesseringsinstrument is oorhoofs bevind dat die meeste respondente hulle verworwe seksuele kennis as onvolledig, tog korrek en voldoende beskou. Die meeste respondente het ook gemeld dat hulle eerder 'n bron buite gesinsverband, wat inteenstelling is met wat bevind is in die literatuurstudie, as bron van seksuele kennis verkies. Ten opsigte van die adolessente se seksuele houding is bevind dat die adolessente 'n positiewe seksuele houding het wat beskryf kan word as moralisties, verantwoordelik tog liberaal. Dié adolessente het 'n hoë weerstand teen voorhuwelikse geslagsgemeenskap. Ten opsigte van die adolessente se seksuele gedrag is bevind dat hulle gedrag gekenmerk word deur 'n meer konserwatief en kontekstueel aanvaarbare aard. Verder is bevind dat slegs 14% van die respondente seksueel aktief is, waarvan slegs 48% van die seksueel aktiewe respondente altyd van voorbehoedmiddels gebruik maak. 'n Meer volledige samevatting van die empiriese resultate volg:

Seksuele kennis

- TV/Flieks (39%) is die grootste bron van seksuele inligting, gevolg deur vriende (37%) en dan moeder (23%).
- Die verkose bron van seksuele inligting is inligtingsprogramme by skole (24%), gevolg deur boeke/tydskrifte/pamflette (21%) en derdens moeder (20%).
- Die meeste respondente (64%) beskou hulleself nie as 'n bron van seksuele kennis nie.

- Die meeste respondente beskou hulle verworwe seksuele kennis as onvolledig (39%), korrek (70%) en voldoende (58%).
- Ouers is wel beskikbaar (62%) om oor seksuele aangeleenthede te praat, maar die vrymoedigheid (50%) om wel met hulle te gesels ontbreek by die meeste respondente.
- 'n Lae mate van beïnvloedbaarheid ten opsigte van seksuele kennis is aangedui deur die meeste respondente (54%).
- Die respondente het 'n redelike kennis oor al die gegewe kenniskomponente. Tog het dit geblyk dat daar 'n kennisleemte is ten opsigte van “wet dreams”, homoseksualiteit en lesbianisme.

Seksuele houding

- Die respondente het 'n meer liberale as konserwatiewe seksuele houding.
- 'n Hoë mate van moralisme bestaan in die respondente se seksuele houding.
- 'n Meer verantwoordelike as onverantwoordelike seksuele houding bestaan by die meeste respondente (79%) ten opsigte van seksuele aangeleenthede.
- Die meeste respondente sal nie om welke rede ookal betrokke raak by voorhuwelikse seksuele omgang nie.
- Die respondentegroep blyk 'n hoë mate van weerstand teen voorhuwelikse seksuele omgang te hê.
- Meeste respondente het sekerheid ten opsigte van seksuele aangeleenthede.
- Die respondente is meer konsekwent as inkonsekwent in hulle seksuele houding.
- Die meeste respondente (72%) het 'n positiewe seksuele houding.
- Die respondentegroep ervaar 'n hoë mate van tevredenheid ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

Seksuele gedrag

- Dit blyk dat die mikro-sisteem en die meso-sisteem wel 'n beduidende invloed het op die respondente maar nie die makrosisteem nie.
- Die meeste respondente se seksuele gedrag is meer konserwatief.
- Die meeste respondente toon meer kontekstueel aanvaarbare seksuele gedrag.
- Dit blyk dat die meeste respondente 'n hoë mate van verantwoordelikheid aanvaar ten opsigte van hulle seksuele gedrag.
- Die respondentegroep ervaar oor die algemeen nie negatiewe gevolge weens hulle

seksuele gedrag nie.

- 'n Hoër mate van tevredenheid as ontevredenheid heers by die meeste respondente ten opsigte van hulle seksuele gedrag.
- Die respondente wat wel seksueel aktief is, bestaan uit 14% van die respondente-groep waarvan slegs 48% van hierdie seksueel aktiewe respondente altyd van voorbehoedmiddels gebruik maak.

Samevattend blyk dit dat die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument wel die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag kon assesseer. Uit bogenoemde empiriese resultate kan 'n profiel oor die betrokke adolessente se seksuele kennis, - houding en - gedrag suksesvol saamgestel word. Dié profiel kan gebruik word om 'n seksuele voorligtingsprogram te ontwikkel. Vervolgens word daar gefokus op die aanbevelings vir die ontwikkeling van 'n seksuele voorligtingsprogram.

7.3 AANBEVELINGS

7.3.1 Aanbevelings vir die ontwikkeling van 'n seksuele voorligtingsprogram

Vanuit die bevindings van hierdie studie, ondersteun deur navorsingsbevindings in die literatuur word die volgende aanbeveel met die oog op die ontwikkeling van 'n seksuele voorligtingsprogram:

- Die respondente het aangedui dat TV/flieks hulle grootste bron van seksuele inligting is maar inligtingsprogramme by skole die verkose bron van seksuele inligting is. Navorsers beveel dus aan dat die tipe van media, nl. Fieks as medium gebruik word om seksuele inligting oor te dra in skole se seksuele voorligtingsprogramme.
- Om die adolessent verder te ondersteun in sy seksuele ontwikkeling kan die skool boeke/tydskrifte/pamflette beskikbaar stel vir die adolessent in byvoorbeeld die mediasentrum of by die persoon verantwoordelik vir die seksuele voorligtingsprogram.
- Die meeste respondente het aangedui dat hulle weet hulle ouers is beskikbaar wanneer hulle behoefte het om oor seksuele sake te praat, maar het nie altyd die vrymoedigheid om dit te doen nie. Die adolessente moet gehelp word om hierdie gebrek aan vrymoedigheid te oorbrug, deurdat die persoon wat verantwoordelik is vir die seksuele voorligtingsprogram, self die atmosfeer sal skep waarin die adolessente die vrymoedigheid sal hê om met volwassenes te praat oor seksuele

kwessies.

- In 'n seksuele voorligtingsprogram kan die volgende seksuele kenniskomponente aandag geniet:
 - Voortplanting
 - Menstruasie
 - Masturbasie
 - “Wet dreams”
 - “Petting” vry
 - Seksuele omgang
 - Homoseksualiteit
 - Lesbianisme
 - Prostitusie
 - Pornografie
 - Verkragting
 - Aborsie
 - Vigs
 - Seksueel oordraagbare siektes

Met spesiale klem op “wet dreams”, homoseksualiteit en lesbianisme waarna 'n behoefte uitgespreek is.

- Die adolessente het 'n positiewe, moralistiese, verantwoordelike seksuele houding wat die fasiliteerder van die seksuele voorligtingsprogram moet gebruik in die ontwikkeling van hulle seksualiteit.
- Die adolessente sal nie om enige rede somer betrokke raak in voorhuwelikse geslagsgemeenskap nie en daarom word aanbeveel dat in die program eerder gefokus moet word op positiewe aspekte van hulle ontwikkeling. Fokus byvoorbeeld op selfgeldende gedrag, selfaanvaarding, liefde vir self en die aanmoediging om verantwoordelikheid te neem vir eie akademiese groei en ontwikkeling. Om van byvoorbeeld dreigemente gebruik te maak om die adolessente af te skrik van voorhuwelikse geslagsgemeenskap gaan nie veel positiewe resultate tot gevolg hê nie.
- Die adolessente kan meer bewus gemaak word van die invloed wat die samelewing het op hulle seksuele ontwikkeling.
- Ten opsigte van die seksueel aktiewe adolessente (14%) waarvan die helfde nie altyd van voorbehoedmiddels gebruik maak nie, word aanbeveel dat die

belangrikheid van die gebruik van voorbehoedmiddels beklemtoon moet word.

Fokus egter op positiewe redes vir die gebruik van voorbehoedmiddels.

- Beveel ook eerder geheelonthouding aan, en fokus op die positiewe redes daarvoor.

7.3.2 Aanbevelings ten opsigte van hierdie nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument

Ten opsigte van die inhoud van die assesseringsinstrument het die volgende leemtes navore gekom:

- Afdeling B, vraag 2: “Watter bron verkies jy om meer oor seksuele sake uit te vind?”, is slegs een respons op verlang. Sommige respondente het egter meer as een bron gemerk as verkose bron. Hier moet dus meer spesifiek gevra word dat slegs een bron gekies kan word. Formulering was dus nie duidelik genoeg nie.
- Afdeling B, vraag 10: “Hoeveel weet jy van die volgende seksuele sake?”, glo navorser sal die geneigdheid by die adolessente eerder wees om aan te dui dat hulle volleerd is. Daarom sal navorser die bewoording van die item wil verander sodat die respondente eerder ‘n behoefte aan seksuele kennis sou uitspreek. Formulering was dus nie na wense om verlangde respons te verkry nie.
- Onduidelikheid ten opsigte van Afdeling C, vraag 5: “‘n Kondoom moet tydens seksuele omgang gebruik word.” en Afdeling D, vraag 12: “Is dit vir jou belangrik om tydens seksuele omgang van ‘n kondoom gebruik te maak?” het bestaan. Die omstandighede waarin navorser die stel van die items bedoel het, was ten opsigte van voorhuwelikse seks. Van die respondente het heelwaarskynlik seks binne die huwelik ook in aggeneem en die items dus diensooreenkomstig beantwoord. Die items kan dus meer spesifiek gestel word deur te meld dat die omstandighede vir die gebruik van ‘n kondoom voor die huwelik is. Formulering was dus onduidelik.
- Afdeling C, vraag 15: “Seks is aaklig”, het verskeie respondente kantnotas gemaak dat hulle nog nooit seks beoefen het nie en dus nie regtig weet of seks aaklig is nie. Die bewoording van die item kan dus so gestel word dat dit nie gaan oor die daad nie, maar oor hulle persepsie van seks as konstruk. Formulering was onduidelik.
- Afdeling D, vraag 10: “Hoe dikwels masturbeer (selfbevrediging) jy?” het dit geblyk dat sommige respondente nie geweet het wat masturbasie is nie en die item nie na wense beantwoord het nie. Masturbasie kan omskryf word as deel van die formulering van die vraag of ‘n opsie op die vyfpuntskaal kan meld dat die respondent nie die konstruk, masturbasie, verstaan nie. Formulering was onvolledig.
- Afdeling D, vraag 16: “Hoe dikwels voel jy skuldig oor jou seksuele gedrag?”,

afdeling D, vraag 17: “In hoë mate ervaar jy probleme met ander persone weens jou seksuele optrede?” en afdeling D, vraag 18: “Hoe dikwels is jy tevrede met jou seksuele gedrag?” was ook moeilik om te beantwoord indien die respondent nie seksueel aktief was nie. Die vrae kan dalk eerder opvolgvrae wees op ‘n vraag of respondente wel seksueel aktief is al dan nie. Formulering was dus onduidelik.

- Afdeling E, vraag 1: “Met hoeveel verskillende maats het jy seks gehad?” kan die woord “maats” eerder vervang word met “persone” wat die item in ‘n wyer konteks plaas. Formulering was dus onvolledig.
- Afdeling E, vraag 4: “Indien jy seksueel aktief is? Gebruik jy of jou maat enige voorbehoedmiddel (bv. Kondoom) tydens seks?” Is ‘n dubbel vraag wat eerder afgebreek moet word in twee aparte items of die bewoording moet verander word. Formulering was dus onduidelik.

Samevattend kan dus gestel word dat enkele items van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument onduidelik of onvolledig was en gevolglik nie gewenste response gelewer het nie.

Tydens die betroubaarheid- en geldigheidstoetsing van hierdie assesseringsinstrument is bevind dat dit moeilik is om houding deur ‘n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument te bepaal. In die bepaling van faktoranalise moes soveel items uitgelaat word om die Cronbach koëffisient-alfa beter te laat lyk dat te veel inligting verlore gegaan het vir hierdie studie. Al die items in totaliteit in die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument het professionele waarde vir die maatskaplike werker. Aangesien faktoranalise die rykheid van die tegnologie verskraal binne die maatskaplike perspektief, is dit nie altyd die aangewese metodiek om te volg nie.

Daar word dus aanbeveel dat indien houding geassesseer word en gebruik gemaak word van kwantitatiewe navorsingsmetodes soos vraelyste, dit saam met kwalitatiewe navorsing soos onderhoude of verbale beskrywende data of waarneming ondersteun word. Hiermee saam hoef hierdie nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument nie net vir die opstel van seksuele voorligtingsprogramme gebruik te word nie, maar dit leen hom ook daartoe dat dit gebruik kan word as skedule in gestruktureerde maatskaplike werk onderhoude.

Uit bogenoemde blyk dit dat dié tipe navorsingstudie nie in die kader van kwalitatiewe - of

kwantitatiewe navorsing alleenlik val nie. Daar bestaan dus 'n behoefte in die maatskaplike werk professie om eerder na professionele navorsing te verwys wat 'n kombinasie van kwalitatiewe - en kwantitatiewe navorsing omsluit. Professionele navorsing kan dus elasties wees wat die kwaliteit van 'n bepaalde navorsingstudie kan verhoog.

7.3.3 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

Hierdie studie open die moontlikheid van 'n verskeidenheid ander relevante navorsingstudies.

- Aangesien hierdie navorsingstudie nie die demografiese profiel van die totale adolessente populasie van Suid-Afrika verteenwoordig nie, word aanbeveel dat verdere studie geloots moet word waar al die bevolkingsgroepe van Suid-Afrika betrek sou word.
- Die doel van hierdie studie was 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument. Die resultaat van die assesseringsinstrument was 'n profiel van die adolessente se seksuele kennis, - houding en -gedrag. Dit word daagliks onder Suid-Afrikaners se aandag gebring dat vigs op ons maatskaplike - en ekonomiese ontwikkeling kritiese gevolge het. Navorsers beveel aan dat verdere navorsing geloods kan word na die verband van adolessente se seksuele kennis, - houding en -gedrag en die effek van vigs op Suid-Afrika se ekonomiese- en maatskaplike groei.
- Hierdie studie verleen hom ook as bousteen vir die studie na die ontwikkeling van 'n geskikte seksuele voorligtingsprogram.
- Verder kan die moontlikheid van professionele navorsing, 'n kombinasie van kwalitatiewe - en kwantitatiewe navorsing, ondersoek word.

7.4 BYDRA TOT DIE MAATSKAPLIKE WERK PROFESSIE

Aangesien die adolessent en die problematiek rondom adolesensie een van die mees belangrikste kliëntsisteeptipes en diensveldareas is, lewer hierdie studie 'n sinvolle bydra tot die maatskaplike werk professie. Daar bestaan nie 'n soortgelyke assesseringsinstrument volgens die literatuurstudie nie en bied hierdie navorsingstudie dus 'n waardevolle bydra tot die kennis - en die praktyk repetoire van maatskaplike werk. Die

deeglike literatuurstudie wat gedoen is dra by tot die maatskaplike werk professie se kennisbasis. Die navorsingstudie bied aan die maatskaplike werk professie 'n praktiese instrument met die oog op die ontwikkeling van toepaslike seksuele intervensie programme aan adolessente.

7.5 SLOTOPMERKINGS

Die Suid-Afrikaanse adolessent beleef tans 'n tydperk van snelle maatskaplike, politieke, tegnologiese en vele ander veranderinge. As gevolg van hierdie veranderinge word hoë prioriteitsaandag aan die verhoging van die adolessent se lewenskwaliteit verleen. So kom onder andere die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag dan gedurig onder die soeklig. Effektiewe intervensie- en ontwikkelingsprogramme met die oog op die verhouding van die adolessent se lewenskwaliteit, moet egter gerugsteun word deur 'n objektiewe en teoreties gefundeerde assessering van die adolessent. Vanuit die model van Rothman en Thomas, die sisteemteorie en die egosielkundige teorie van Erikson is die teoretiese grondslag vir die ontwikkeling van 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument gevorm.

Die navorsing wat gedoen is, was vir navorser uitdagend en opwindend, aangesien nuwe tegnologie ontwikkel is. Die waarde van hierdie navorsing vir navorser sowel as vir die betrokke instellings (skole en onderwysdepartement) is die praktiese gebruik van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument. Laastens het die studie ook bygedra tot die ontwikkeling van die maatskaplike werk professie.